# “Lewe” (חיה) as teologiese tema met toespitsing op die begrippe Beloofde Land en toekomsverwagting in Deuteronómium

**RK Combrink**

**orcid.org/0000-0002-9377-7809**

Verhandeling aanvaar ter nakoming vir die graad *Magister Theologiae* in *Ou Testament* aan die Noordwes-Universiteit

Studieleier: Dr AJ Coetsee

Gradeplegtigheid: Julie 2020

Studentenommer: 24751286

# VOORWOORD

Met die voltooiing van hierdie verhandeling wil ek graag my opregte dank uitspreek

teenoor:

- My almagtige God en hemelse Vader van wie alle wysheid kom vir sy genade, barmhartigheid en vrede.
- My vrou, Carin, vir haar bemoediging, ondersteuning en geduld; en my kinders wat vreugde tot die lewe voeg.
- Beide my ouerpare vir hulle belangstelling en ondersteuning.
- My moeder, Veronica, en my broers, J-P en Marnus, vir hul ondersteuning en aanmoediging, maar ook vir hul opoffering om hierdie studie finansieel moontlik te maak.
- Die AP Kerk Bethlehem wat begrip gehad het vir wat hierdie studie geëis het.
- My WJA-vriende vir elke braai wat kranksinnigheid afgeweer het.
- Die Naudé-gesin vir ’n ondersteuningsbasis toe familie ver was.
- My aanvanklike studieleier, professor Paul Krüger, by wie hierdie studie sy oorsprong het.
- My studieleier, professor Albert Coetsee, vir sy wysheid, motivering, tyd, goeie raad en geduld.
- Marica du Preez vir al die moeite met taalversorging onder moeilike omstandighede.
- Die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns wat hierdie studie help moontlik maak het.

Ruan Combrink

Bethlehem

Maart 2020

# BEKNOPTE INHOUDSOPGAWE

Voorwoord ........ iii

Beknopte inhoudsopgawe........ v

Inhoudsopgawe........ vii

1. Hoofstuk 1: Inleiding ........ 1

2. Hoofstuk 2: Die betekenis van "lewe" (stamwoord חיה) as tema in Deuteronómium........ 16

3. Hoofstuk 3: Die begrip "lewe" in Deuteronómium met betrekking tot die Beloofde Land........ 41

4. Hoofstuk 4: Die begrip "lewe" in Deuteronómium met betrekking tot 'n toekomsverwagting........ 57

5. Hoofstuk 5: Samevatting en gevolgtrekking ........ 74

Opsomming ........ 79

Abstract........ 81

Bibliografie ........ 83

# INHOUDSOPGAWE


Voorwoord ..... iii

Beknopte inhoudsopgawe ..... v

Inhoudsopgawe ..... vii

1. Hoofstuk 1: Inleiding ..... 1
   - 1.1. Agtergrond en probleemstelling ..... 1
     - 1.1.1. Agtergrond ..... 1
     - 1.1.2. Probleemstelling ..... 8
   - 1.2. Sentrale navorsingsvraag ..... 10
   - 1.3. Doelwit en doelstellings ..... 10
     - 1.3.1. Doelwit ..... 10
     - 1.3.2. Doelstellings ..... 11
   - 1.4. Sentrale teoretiese argument ..... 11
   - 1.5. Metodologie ..... 11
     - 1.5.1. Teks en kanon ..... 11
     - 1.5.2. Bybelse Teologie ..... 13
     - 1.5.3. Navorsing, ingelig deur eksegese ..... 13
   - 1.6. Voorlopige hoofstukindeling ..... 14
2. Hoofstuk 2: Die betekenis van “lewe” (stamwoord חיה) as tema in Deuteronómium ..... 16
   - 2.1. Inleiding ..... 16
   - 2.2. “Lewe” as teologiese tema in Deuteronómium ..... 16
     - 2.2.1. Populêre teologiese temas van die Ou Testament ..... 16
     - 2.2.2. Kriteria vir teologiese temas ..... 19
     - 2.2.3. Die kriteria vir teologiese temas toegepas op “lewe” in Deuteronómium ..... 22
     - 2.2.4. Gevolgtrekking ..... 25
   - 2.3. Die betekenis van “lewe” (stamwoord חיה) in Deuteronómium ..... 26
     - 2.3.1. Inleiding ..... 26
     - 2.3.2. “Lewe” (חיה) as uitdrukking van fisiese bestaan ..... 28
     - 2.3.3. “Lewe” as uitdrukking van geestelike bestaan ..... 32
   - 2.4. Gevolgtrekking ..... 38
3. Hoofstuk 3: Die begrip “lewe” in Deuteronómium met betrekking tot die Beloofde Land ..... 41
   - 3.1. Inleiding ..... 41

3.2. Die verbintenis tussen die Beloofde Land en "lewe" as meelopende temas in die teks van Deuteronómium ....................42
3.3. Die verbintenis tussen die Beloofde Land en die fisiese "lewe" van Israel in Deuteronómium ....................45
3.4. Die verbintenis van die Beloofde Land en die geestelike "lewe" van Israel in Deuteronómium ....................47
3.4.1. Die land en lewe as deel van die verbondsgeskiedenis van Israel ....................47
3.4.2. Die land en kwaliteit van lewe ....................50
3.4.3. Die land en die verlengde lewe ....................52
3.5. Gevolgtrekking ....................55

4. Hoofstuk 4: Die begrip "lewe" in Deuteronómium met betrekking tot ʼn toekomsverwagting 57
4.1. Inleiding ....................57
4.2. Die verbintenis tussen ʼn toekomsverwagting en "lewe" in die teks van Deuteronómium 58
4.3. Die verbintenis tussen die toekomsverwagting en die fisiese "lewe" van Israel in Deuteronómium ....................62
4.4. Die verbintenis van die toekomsverwagting en die geestelike "lewe" in Deuteronómium. 64
4.4.1. ʼn Toekomsverwagting en geestelike lewe as deel van die verbondsgeskiedenis van Israel 65
4.4.2. ʼn Toekomsverwagting van lewe spesifiek vir die volk Israel ....................67
4.4.3. Die toekomsverwagting van lewe vir ander wat deel uitmaak van die verbond.....69
4.5. Gevolgtrekking ....................72

5. Hoofstuk 5: Samevatting en gevolgtrekking ....................74
5.1. Inleiding ....................74
5.2. "Lewe" as teologiese tema in Deuteronómium ....................74
5.3. Die betekenis van "lewe" (stamwoord חיה) as tema in Deuteronómium ....................75
5.4. Die begrip "lewe" in Deuteronómium met betrekking tot die Beloofde Land ....................76
5.5. Die begrip "lewe" in Deuteronómium met betrekking tot ʼn toekomsverwagting ....................76
5.6. Onderwerpe vir verdere studie ....................77

Opsomming ....................79

Abstract ....................81

Bibliografie ....................83

# HOOFSTUK 1: INLEIDING

## 1.1. Agtergrond en probleemstelling

### 1.1.1. Agtergrond

#### 1.1.1.1. Voorkoms van "lewe" in die Ou Testament teenoor ander bekende temas

"Lewe" as konsep kom regdeur die verskillende literêre korpusse in die Bybel voor. 'n Soektog van die Hebreeuse stam van die woord vir lewe in die Biblia Hebraica Stuttgartensia, naamlik חיה, lewer 806 resultate[1]. Volgens Logos se sagteware verwys 671 van hierdie gevalle spesifiek na die lewe van die mens[2]. Brensinger (1997:108-113) bevestig hierdie waarneming deur na die vertaling van חיה as 'be alive' te verwys as die 'majority of occurrences' van die woord, terwyl verwysings na die lewens van diere in dieselfde bron apart behandel word.

Die voorkoms van die woord in die Ou Testament vergelyk goed, ten minste in hoe gereeld dit voorkom, met ander prominente voorgestelde sentrale temas. Dit word duidelik as die volgende in ag geneem word:

- Die woord ברית (verbond), 'n bekende Bybelse tema, kom byvoorbeeld 284 keer voor in die Ou Testament. In 235 gevalle verwys dit na die verbond van God met sy volk. McConville (1997:747-755) wys baie van hierdie gebruike uit in die verskillende verbonde, of fases van die verbond, tussen God en sy volk.
- Hierteenoor kom die woord ממלכה (koninkryk) en ander verbuigings daarvan 240 keer in die Ou Testament voor. Nel (1997:956-965) wys die veelheid van verbuigings van die woord en hul onderskeie semantiese velde uit. Die meeste hiervan verwys na aardse konings en koninkryke en nie na die koninkryk van God, wat ook al as teologiese tema

[1] Tensy spesifiek na 'n ander bron verwys word, is soektogte van die Hebreeuse stamwoorde waarna hier verwys word gedoen met behulp van *Logos Bible Software*. Ander toepassings soos *Accordance* se resultate mag effens verskil aangesien die stam in verskillende woordvorme kan voorkom en ander Hebreeuse woorde verwant kan wees hieraan. (Die vorm חַי is hierby ingesluit)

[2] *Logos Bible Software* beskik oor 'n funksie wat semantiese velde van woorde kan uitwys en 'n uiteensetting kan gee van die kontekste waarin woorde voorkom.

ontwikkel is, nie. Inteendeel, France (2005:420) wys slegs op vyf plekke waar daar in die Ou Testament na die koninkryk van God verwys word. Tog waarsku hy: "... it would be a serious mistake to assume that God's kingship is not therefore an important theme for the Old Testament ...".


- Die woord דבר word 95 keer in die Ou Testament gebruik as ŉ verwysing na ŉ belofte. Ames (1997:912-915) wys tereg daarop dat die gebruik van die woord meestal die bedoeling van 'spraak' of 'woord' wil oordra en in enkele gevalle 'belofte' kan beteken. Ten spyte hiervan wys Kaiser (2008) tog duidelik daarop dat belofte-vervulling tereg as teologiese tema van die Ou Testament en die Bybel beskou kan word.

Per slot van rekening stel Krüger (2016:1) tereg dat die blote voorkoms van sekere begrippe nie die volle verhaal vertel nie, maar dat dit tog ŉ aanduiding gee van die potensiële belang van ŉ bepaalde begrip as tema. Hiermee word nie beweer dat ŉ bepaalde begrip slegs belang dra as dit gereëld voorkom nie, maar dat voorkoms wel ŉ aanduiding kan gee van die belang van ŉ begrip. Die prominente voorkoms van "Lewe" bied dus wel beweegrede tot verdere ondersoek daarvan as ŉ prominente tema in die Ou Testament.

#### 1.1.1.2. Voorkoms van die begrip "lewe" in Deuteronómium teenoor ander boeke van die Ou Testament

Die hoë voorkoms van die begrip "lewe" in die boek Deuteronómium is treffend. Onderstaande Figuur 1.1 toon die voorkoms van die verskillende vorme van die stam חיה in die boeke van die Ou Testament[3].

[3] Die figuur is opgestel op *Logos Bible Software*. Dit vertoon die voorkoms van die stam חיה in die verskillende boeke van die Biblia Hebraica Stuttgartensia.




Figuur 1.1 Die voorkoms van die verskillende vorme van die stam חיה in die boeke van die Ou Testament.

Uit die boeke van die Tora bevat slegs Génesis ŉ hoër voorkoms van verskillende vorme van die stam חיה. Dit kan egter toegeskryf word daaraan dat Génesis heelwat langer is as Deuteronómium, die skeppingsnarratief bevat (wat wemel met verwysings na lewe), en baie van die voorkomste in geslagsregisters herhaal word of verwys na die lewe van diere. Laasgenoemde verduidelik ook die gereelde voorkoms in Levítikus.

Die gereelde voorkoms in die Vroeë Profete en Digterlike- en Wysheidsliteratuur kan grootliks toegeskryf word aan die gebruik van die woord as selfstandige naamwoord in verwysing na individuele persone (bv. Jos. 1:5; 2:13; 4:14, Rigt. 9:17; 18:25; 20:13, 1 Sam. 7:15; 22:23(OAV)[4]). Die woord kom ook gereeld voor in die lang besprekings oor die lewe van Job (Job 3:20; 7:7; 7:16; 10:1; ens.), of verklarings soos: "... Mag my heer die koning Dawid vir ewig lewe" (1 Kon. 1:31); "... Mag koning Salomo lewe!" (1 Kon. 1:39); of "... al die dae van sy lewe" (1 Kon. 4:21). Hier dra die woord dus geen diepere teologiese betekenis nie, maar verwys dit bloot na die bestaan van ŉ persoon.

In die Psalms word die woord ook baie dikwels as selfstandige naamwoord gebruik: "... die losprys van hulle lewe ..." (Ps. 49:9); en "... u goedertierenheid is beter as die lewe ..." (Ps.63:4), is enkele voorbeelde van die gebruik van die woord wat geen besondere teologiese betekenis dra nie. Ander gebruike sluit gereelde verwysings in na frases soos "... vyande ... wat op my lewe loer ..." (Ps. 71:10); en "Hulle bestorm die lewe van die regverdige ..." (Ps. 94:21) kom ook telkens voor sonder dat dit noodwendig bydra tot enige Teologie van "lewe" in die boek. Hierdie gebruike verduidelik dus die hoë voorkoms van die woord in die Psalms.

[4] Die 1933/53 Ou Afrikaanse Vertaling van Die Bybel word voortaan telkens in hierdie studie gebruik tensy spesifiek anders vermeld word.

Die enigste ander Bybelboeke waarin die woord buitengewoon baie voorkom is Jesaja, Jeremia, en veral Eségiël. Die hoë frekwensie verwysings na “lewe” in die Groot Profete kan toegeskryf word aan die grootte van die boeke[5].

Met die eerste oogopslag lyk dit of Eségiël wel ŉ besondere ooreenkoms met Deuteronómium toon in terme van die klem op die begrip “lewe”. Die woord het ook ŉ hoë frekwensie in die boek, maar die ooreenkomste strek selfs verder. In Eségiël word die woord ook nie net gebruik in verwysing na fisiese lewe nie, maar dra teologiese betekenis. Brensinger (1997:109) skryf: “But the prophets, and particularly Ezekiel, pay special attention to the religious dimensions of *hyh*”. Soos in Deuteronómium, word lewe in Eségiël 18:9, 17 en 20:11 ook gekoppel aan die insettinge en verordeninge van die Here en in hoofstuk 18:28 aan bekering. In Eségiël 36:26-28 word die verordeninge en insettinge weer gekoppel aan die nuwe hart en gees wat God gee in die binneste en ook aan die volk se bewoning van die land wat aan hul vaders gegee is. In Eségiël 37 se visioen van die droë bene wat lewendig word, spreek lewe eweneens van, nie net om te bestaan nie, maar om geestelik vernuwe te word. In hierdie hoofstuk kom die bewoning van die Beloofde Land ook voor (Eség. 37:25). In die tempel-visioen wat Eségiël sien is dit die waters wat uit die tempel vloei wat lewe skenk (Eség. 47:9). Block (1998:701) beskryf die lewe wat voortkom uit die stroom as versinnebeelding van geestelike vernuwing, as hy sê: “... the renewal of the environment represents the natural and logical concomitant of spiritual renewal”. Hoewel daar in hierdie studie gefokus word op die betekenis van “lewe” in Deuteronómium, is daar vrugbare grond vir ŉ soortgelyke studie uit Eségiël.

Wat opvallend is van חיה in Deuteronómium is nie net dat dit gereeld voorkom nie, maar ook hoe dit gebruik word. Coetsee (2019:102) verwys hierna: “A quick study of the root חיה seems to indicate a striking pattern: almost all occurrences of the concept have to do with either YHWH or his people”. Dit mag wees dat die voorkoms van die konsep van lewe, en die verskillende maniere waarop dit gebruik word, deels spruit uit die strukturele ooreenkomste wat Deuteronómium toon met die Vasal-verdrae in die Antieke Midde-Ooste, maar dit maak geen afbreuk aan die belang van die konsep nie. Die struktuur van Deuteronómium is gekies deur die outeur daarvan om die inhoud, waarvan die konsep van lewe ŉ belangrike deel is, oor te dra. Verder word die woord merkwaardig baie gebruik met betrekking tot spesifieke gelaaide teologiese begrippe soos ŉ

[5] Jeremia bevat meer as 33 000 woorde waarin die stam vir “lewe” 33 keer in die Hebreeuse teks voorkom, Jesaja meer as 25 600 waarin dit 30 keer voorkom, en Eségiël meer as 29 900 waarin dit 107 keer voorkom, soos bevind deur die samestelling van ’n woordelys in *Logos Bible Software* uit Biblia Hebraica Stuttgartensia.

bepaalde kwaliteit van lewe en lengte van lewe onder die seën van die Here, die Beloofde Land, en ŉ toekomsverwagting van Israel (sien Punt 2.2.1).

Verskillende vorme van die stam kom 38 keer in Deuteronómium voor. Markl (2014:72) dui die voorkomste in Tabel 1.1 aan:

| | Deut. 4-8 | Deut. 12-20 | Deut. 28-33 | Totaal |
|---|---|---|---|---|
| Werkwoord | 4:1, 33, 42; 5:24, 26, 33; 6:24; 8:1, 3 (2x) | 16:20; 19:4, 5; 20:16 | 30:16, 19; 32:39; 33:6 | 18x |
| Byvoeglike naamwoord | 4:4, 10; 5:3, 23 | 12:1 | 31:13, 27; 32:40 | 8x |
| Selfstandige naamwoord | 4:9; 6:2 | 16:3; 17:19 | 28:66 (2x); 30:6, 15, 19 (2x), 20; 32:47 | 12x |
| Totaal | 16x | 7x | 15x | 38x |

*Tabel 1.1: Die voorkoms van die verskillende vorme van die stam חיה in die boek Deuteronómium (Markl 2014:72).*

Dit is dus duidelik dat hoewel חיה volop in die Ou Testament voorkom, dit besonder baie in Deuteronómium voorkom en in dié boek ook op ŉ besondere wyse gebruik word. Op grond hiervan gaan in hierdie studie verdere ondersoek ingestel word na die betekenis en gebruike van die woord.

#### 1.1.1.3. Bestaande navorsing oor "lewe" in Deuteronómium

Waltke (2007:50) beskryf ŉ teologiese tema as ŉ idee wat deel is van die waardestelsel van ŉ narratief en wat verband hou met ŉ kernwoord of motief wat vleg deur die hele kanon van die Skrif. In hierdie studie gaan aangetoon word dat die konsep van lewe in hierdie terme beskryf kan word. Ten spyte van die gereelde voorkoms en wye verspreiding daarvan in die Bybel, die Pentateug, en spesifiek Deuteronómium is weinig egter al geskryf oor "lewe" as tema in enige van hierdie korpusse. Die belangrikste studies wat na "lewe" verwys in Deuteronómium is die volgende.

- Schrieber (1998) se artikel, "Choose life and not death: Life-and-death issues in the light of Deuteronomy 30:15-20" handel nie soseer oor wat "lewe" beteken in Deuteronómium nie, maar oor die reg van die mens om besluite te maak oor lewe en dood, al dan nie. Die artikel sentreer rondom die etiese kwessies rakende aborsie en genadedood. Sy artikel is

insiggewend, maar fokus op die betekenis van die woord *keuse* en wat dit behels om te kies tussen lewe en dood.

- Tinker (2003) se artikel handel ook oor die etiek van lewe en dood met die oog op aborsie, kindermoord, en genadedood. Dit beweeg wel nader aan die onderwerp van hierdie studie in die aandag wat geskenk word aan die heiligheid van lewe en die redes daarvoor in Deuteronómium.
- Fretheim (2003) lewer waardevolle insigte oor die wet in diens van "lewe". Hy ondersoek die rol van die wet in diens van "lewe" deur na die wet te kyk in verband met die skepping en die roeping van Israel. Hy stel ʼn dinamiese beskouing van die rol van die wet voor en bespreek die eietydse implikasies van só beskouing. Die artikel wil nie "lewe" ondersoek nie, maar bespreek wel die rol van die wet in diens van "lewe" en kan daardeur hierdie studie belig.
- Vogt (2003) doen ʼn breë studie oor die Teologie van Deuteronómium. Sy hoofargument is egter om die "supremacy of Yahweh and the Torah" as die hart van die Teologie van Deuteronómium te stel teenoor "centralization, secularization, and demythologization" en fokus dus ook nie soseer op die konsep van lewe spesifiek nie (Vogt 2003:2).
- Block (2005) se gedagtes oor die Tora uit Deuteronómium 4 en 6 is wel van toepassing vir dele van hierdie studie. Hoewel dit weinig spreek oor die betrekking van lewe tot die Beloofde Land en ʼn toekomsverwagting, bied dit waardevolle bydraes ten opsigte van die wet as kernaspek van lewe in Deuteronómium.
- Lombaard (2009) se studie fokus op die etiek van "lewe" en vergelyk die verskillende benaderings tot die konsep in Prediker en Deuteronómium. Hy spreek wel oor die volheid en ewigheid van "lewe" in die lig van die dood van Moses wat veral vir sekere dele van hierdie studie waardevol kan wees.
- Thomas (2012) behandel die tema van lewe en dood in Deuteronómium. Hy bespreek God as gewer van lewe, die verhouding tussen lewe, die wet en keuse, en hoe Moses as voorbeeld dien vir die volk se verstaan van lewe en dood.
- Conradie (2013) lewer ʼn breedvoerige behandeling van die Teologie van "lewe", van oorsprong tot herskepping en lewe deur die Gees van God, en ondersoek wat dit beteken dat God die "God van lewe" is, maar is geensins op Deuteronómium toegespits nie.
- Miller (2016) se artikel ondersoek wat in die Hebreeuse Bybel beskou was as lewendig. Daar word geen poging aangewend om ʼn Teologie van "lewe" te ondersoek nie, maar wil bloot onderskei tussen wat as lewendig en wat as dood beskou was. Die artikel bevind

bloot dat mense meer lewendig as diere beskou was en dat plante as quasi-lewendig beskou was.

- Krüger (2016) brei in ŉ ongepubliseerde referaat uit oor "lewe" as Bybelse tema en gee daarmee ŉ goeie raamwerk vir verdere studie. Hy ondersoek die voorkoms van die verskillende woorde wat met "lewe" vertaal word, die verskillende gebruike van die woorde in verskillende korpusse van die Kanon, en brei dan uit op die betekenis van "lewe" as ŉ lewe van volheid wat God behaag. Hoewel die fokus nie uitsluitlik val op Deuteronómium nie, bied hy hiermee goeie rigting vir hierdie studie.

Bogenoemde studies fokus wel op aspekte van "lewe" en verwys dikwels na tekste in Deuteronómium, maar wat spesifieke toespitsing op Deuteronómium betref lewer Thomas (2012:177-193), Markl (2014) en Coetsee (2019) die belangrikste bydraes.

- Thomas (2012:177-193) raak verskeie punte aan waarop in hierdie studie uitgebrei sal word. Hy verwys na die Beloofde Land as ŉ belangrike aspek van Israel se lewe en beskryf "lewe" ook as meer as net om te bestaan. Sy behandeling van die wet en keuse as belangrike elemente van lewe vir Israel kom ook hier ter sprake.
- Markl (2014) doen ŉ omvattende studie van die voorkoms van חיה en die verbuigings daarvan in Deuteronómium. Hy gee ŉ oorsig oor die gebruik van die woord in verskillende vorme en brei dan uit op elkeen van die maniere waarop die woord gebruik word. Uit sy navorsing word dit duidelik dat daar meer opgesluit lê in die woord as om net te bestaan en dat daar wel ŉ besondere verbintenis is tussen lewe en die land, asook tussen lewe en ŉ toekomsverwagting van Israel.
- Coetsee (2019) voeg meer onlangs sy stem by en sy artikel bied ŉ belangrike bydrae tot die studie van "lewe" in Deuteronómium. Die waarde van sy bydrae vir hierdie studie lê veral daarin dat hy ŉ teologiese oorsig bied van die konsep van lewe. Hy doen dit deur te verwys na die verspreiding daarvan in die boek ten opsigte van vorme van die woord, die struktuur van Deuteronómium en die voorkoms daarvan in kern hoofstukke, en gee dan ŉ oorsig oor die teologiese gebruik van die konsep en wat dit sê van JHWH en van Israel.

In Markl (2014) se studie word die grondslag gelê vir verdere studie van die motiewe wat hy identifiseer en waaroor relatief min al geskryf is. Hy meld self in ŉ voetnota van sy artikel hoe min daar oor "lewe" in Deuteronómium geskryf is: "As far as I am aware, no systematic analysis of this motif in Deuteronomy has been published" (Markl, 2014:71).

Coetsee (2019) se artikel bied belangrike rigtingwysers met die teologiese inslag daarvan waarop in hierdie studie voortgebou gaan word.

#### 1.1.1.4. Gevolgtrekking

Die gereelde voorkoms van "lewe" in vergelyking met ander, reeds bestudeerde, temas in die Ou Testament, die gereelde voorkoms daarvan in Deuteronómium in vergelyking met ander boeke van die Ou Testament, en die gebrek aan in-diepte navorsing oor die konsep van lewe in Deuteronómium roep om verdere studie. Die huidige studie wil poog om hierdie leemte aan te vul.

### 1.1.2. Probleemstelling

#### 1.1.2.1. Die fokus van die studie

Nadere ondersoek van die 38 voorkomste en verbuigings van die Hebreeuse die stam vir "lewe" in Deuteronómium lewer treffende inligting op. Die gebruik van die stamwoord חיה staan in Deuteronómium telkens kontekstueel in verband met veral drie aspekte:

1. Die verskillende gebruike van die stamwoord חיה om die inhoud van "lewe" te beskryf[6].

Wat hierdie aspek betref kan 'n duidelike onderskeid gemaak word tussen twee gebruike:

- Die eerste behels die gebruik van "lewe" as bloot "om te bestaan" in die fisiese sin en beteken dan bloot om nie dood te wees of nie te sterf nie. Die woord dra hierdie betekenis waar verwys word na om "... in die lewe ..." te bly (Deut. 4:4, 33, 42; 5:3, 24; of na "... al die dae ..." van jou lewe (Deut. 4:9, 10; 12:1; 16:3; 17:19; ens.) en ander soortgelyke frases.
- Die tweede behels die gebruik van die woord saam met frases soos "... en dit met julle goed kan gaan ..." (Deut. 5:33); of "... dat 'n mens nie van brood alleen lewe nie, maar ... van alles wat uit die mond van die HERE uitgaan" (Deut. 8:3); of dat die Here aan "... jou goed doen ... jou hart besny ..." (Deut. 30:5-6). "Lewe" word ook gekoppel aan woorde soos "geluk" (Deut. 30:15); "seën" (Deut. 30:16, 19); en "genesing" (Deut. 32:39) wat dui op meer as net bestaan of oorlewing en by implikasie 'n bepaalde kwaliteit van lewe moet behels. Ook die gebruik van "lewe"

[6] Vir die doel van hierdie studie word slegs 'n breë onderskeid gemaak van verskillende wyses waarop die woord gebruik word, aangesien die studie se fokus op die Teologie val en hier nie na alle semantiese velde verwys word nie. Brensinger (1997:108) verwys byvoorbeeld na verskeie semantiese velde.

in verband met die verlenging van dae (Deut. 5:33; 6:2; 17:19) dui daarop dat hier nie bloot sprake is van lewendig wees in die hede nie, maar van ŉ lang lewe. Bogenoemde tekste dui op die gebruik van die konsep van lewe as ŉ geestelike konsep wat nie bloot met die fisiese te doen het nie.

2. "Lewe" met betrekking tot die Beloofde Land.
    - ŉ Prominente aspek van Deuteronómium is dat Israel die Beloofde Land in besit sal neem. "Lewe" word in Deuteronómium besonder baie gekoppel aan hierdie gedagte (Deut. 4:1; 5:33; 6:1-2, 23-24; 8:1; 12:1; 16:20; 30:5-6, 16, 20; 31:13; 32:47).
    - Die konsep van die Beloofde Land is ten nouste verbind met die verbond (Gén. 12:1; 15:7), en dus met die godsdiens van Israel. Die gebruik van die konsep van lewe in verband met die Beloofde Land bied dus verdere rede om lewe as geestelike konsep te bestudeer.
3. "Lewe" met betrekking tot ŉ toekomsverwagting.
    - "Lewe" word in Deuteronómium gebruik met die veronderstelling dat daar ŉ bepaalde toekomsverwagting by Israel is. In Deuteronómium 4:9-10, byvoorbeeld, mag Israel in al die dae van hul lewe die insettinge en verordeninge van die Here nie vergeet nie en moet hulle dit aan hul kinders leer. Soortgelyke vermanings met verwysings na die volgende geslag of die vermenigvuldiging van Israel volg in Deuteronómium 6:2; 8:1; 17:19-20; 30:6, 16.
    - Die gebruik van woorde soos כָּל־הַיָּמִים (al die dae / al die tye / vir altyd) in Deuteronómium 4:40 en die insluiting van vreemdelinge in Deuteronómium 29:10 met die daaropvolgende verwysing na die volgende geslagte in 29:15 noop ook dat oorweging geskenk word aan ŉ toekomsverwagting van ander wat deel uitmaak van die verbond.

Hierdie studie wil op hierdie drie prominente gebruike van die woord חיה ingaan. Die verskillende gebruike van die woord חיה in Deuteronómium wat vir hierdie studie van belang is kan in tabelvorm as volg in Tabel 1.2 voorgestel word:

| Die betekenis van "lewe": | | |
|---|---|---|

| | | | |
|---|---|---|---|
| as fisiese bestaan (teenoor dood en as seën op gehoorsaamheid) | as geestelike bestaan (in kwaliteit en lengte van lewe) | "lewe" met betrekking tot die Beloofde Land | "lewe" met betrekking tot ŉ toekomsverwagting |
| Deut. 4:1, 4, 7, 10, 33, 42; 5:3, 24; 6:24; 8:1; 12:1; 16:3, 20; 17:19; 19:4-5; 20:16; 28: 66; 31:13, 27; 33:6 | Deut. 5:33; 6:2, 24; 8:3; 17:19; 30:6, 15-16, 19-20; 32:39, 47 | Deut. 4:1; 5:33; 6:1-2, 23-24; 8:1; 12:1; 16:20; 30:5-6, 16, 20; 31:13; 32:47 | Deut. 4:9,10; 5:33; 6:2, 24; 8:1; 17:19; 30:6, 16 |

*Tabel 1.2: Die voorkoms van die verskillende vorme van die stam חיה in die boek Deuteronómium (Markl 2014:72).*

#### 1.1.2.2. Gevolgtrekking

Hierdie studie wil bydra tot navorsing op hierdie gebied, deur na te vors wat die begrip "lewe" as teologiese tema in Deuteronómium behels, hoe dit verband hou met die Beloofde Land, en hoe dit verband hou met die toekomsperspektief van die volk Israel.

## 1.2. Sentrale navorsingsvraag

Die sentrale vraag van hierdie studie is die volgende: Wat beteken die begrip "lewe" as teologiese tema in Deuteronómium? In die navorsing na die betekenis van die begrip "lewe" word in hierdie studie spesifiek ondersoek ingestel na twee teologiese kontekste waarin Deuteronómium dikwels die begrip gebruik, naamlik "lewe in die Beloofde Land" en "lewe as toekomsverwagting". Op grond hiervan word die volgende vrae gestel:

- Wat behels die betekenis van "lewe" (stamwoord חיה) as teologiese tema in Deuteronómium?
- Wat behels die begrip "lewe" in Deuteronómium met betrekking tot die land?
- Wat behels die begrip "lewe" in Deuteronómium met betrekking tot ŉ toekomsverwagting?

## 1.3. Doelwit en doelstellings

### 1.3.1. Doelwit

Die doelwit van hierdie studie is om die betekenis van "lewe" (die stamwoord חיה) as tema, en die betekenis daarvan, ten opsigte van die land en toekomsverwagting in Deuteronómium, vas te stel.

#### 1.3.2. Doelstellings

Die doelstellings van hierdie studie is die volgende:

- Om ondersoek in te stel na die betekenis van "lewe" (stamwoord חיה) as tema in Deuteronómium.
- Om ondersoek in te stel na wat die begrip "lewe" in Deuteronómium behels met betrekking tot die land.
- Om ondersoek in te stel na wat die begrip "lewe" in Deuteronómium behels met betrekking tot 'n toekomsverwagting.

### 1.4. Sentrale teoretiese argument

In hierdie studie word geargumenteer dat 'n studie van die begrip "lewe" in Deuteronómium sal toon dat die begrip "lewe" 'n belangrike teologiese tema in Deuteronómium is, dat die begrip "lewe" gelaaide teologiese betekenis het wat, in die manier wat dit in die boek gebruik word, 'n belangrike deel van die onderbou van die Teologie van Deuteronómium uitmaak. Verder word geargumenteer dat daar besondere teologiese belang is in die betrekking wat die begrip "lewe" in Deuteronómium het tot die verhouding van die volk Israel tot God in die Beloofde Land en die toekomsverwagting waarbinne JHWH van sy verbondsvolk, Israel, verwag om te leef.

### 1.5. Metodologie

#### 1.5.1. Teks en kanon

Enige studie in Teologie vereis 'n keuse vir, of die fokus in, waar die verstaan van die Bybel behoort te lê, in die teks self of bloot in die werke van God wat in die teks beskryf word. Volgens Sailhamer (1995:36) is hierdie keuse die eerste saak van oorweging in die benadering van die Ou Testament. Wright (1962:13, 107) wil die klem plaas op die gebeure: "The Bible thus is not primarily the Word of God, but the record of the Acts of God, together with the human response thereto". Sailhamer (1995:36-42) argumenteer op grond van verse soos 2 Timótheüs 3:16 en 2 Petrus 1:20-21 dat "... both Scripture itself and the classical formulations of the doctrine of Scripture in the church lay the stress on the *written Word of God* as the locus of special revelation".

Dillard en Longman (2006:13-15) wys op die eietydse herontdekking, na baie jare van oorheersing deur kritiese metodes, van die literêre fokus waarby hulle aansluit. Met 'n literêre fokus word die ontstaansgeskiedenis van die teks nie geïgnoreer nie, maar die finale vorm van die teks as geïnspireerde Woord van God aanvaar en bestudeer. Craigie (1976:33) argumenteer ook vir die kanonieke status vir die onderliggende dele (soos die boek Deuteronómium) van die

volledige kanon, terwyl Kline (1963:7) die belang meld van Deuteronómium se ooreenkomste met die struktuur van die Vasal-verdrae vir die beginfases van die kanon, die egtheid van die Pentateug, en die historisiteit van die verskeie verbonde wat in die Bybel opgeteken is.

Childs (2006:73) bespreek die saak van die geskiedenis van Israel en die teks wat daardie geskiedenis beskryf en maak die stelling: "Canonical analysis focuses its attention on the final form of the text itself. It seeks neither to use the text merely as a source for other information obtained by means of an oblique reading, nor to reconstruct a history of religious development. Rather, it treats the literature in its own integrity".

Vir die doel van hierdie studie word primêr op die teks, as die Woord van God wat onder organiese inspirasie van die Heilige Gees deur mense opgeteken is, gefokus (Gamble, 2009:11-13; Poythress 1999:28). Met ŉ fokus op die teks in hierdie studie wil die gebeure wat daarin beskryf word, die bedoeling van die outeur en die rol van die interpreteerder nie geïgnoreer word nie, soos Sailhamer (1995:46, 51) ook bespreek. Daar word dus saamgestem met Longman (2004:115) as hy sê: "But I acknowledge that any exploration of the literary nature of the text is just one aspect of the interpretive task, and must be complemented by other approaches, including those that focus on history and theology".

Met ŉ fokus op die teks word verdere vrae dus nie vrygespring nie. Die vraag oor die setel van betekenis van die teks is een voortspruitende vraag wat deur die geskiedenis van teologiese studie al deeglik beredeneer is. Dit is nie die fokus van hierdie studie om die saak weer te beredeneer nie. Walter Kaiser en Moises Silva (2007:257-272) gee, soos vele ander, ŉ opsomming van die geskiedenis van interpretasie vanaf die vroeë kerk tot die twintigste eeu met verwysing na die vroeë skole soos dié van Aleksandrië, Antiochië en die Westerse skool, die denkrigtings ná die reformasie soos die Piëtisme en Rasionalisme, asook na teoloë soos Kant, Schleiermacher, Von Harnack, Barth, Bultman, Ernesti, Gadamer, Ricour, Betti en Hirsch as eksponente van verskillende benaderings. Daardeur word die debat oor die setel van die betekenis van die teks ook gedek.

Die keuse vir ŉ fokus op teks teenoor gebeure, lei onvermydelik ook tot ŉ keuse vir ŉ kanonieke teenoor ŉ Skrifkritiese benadering tot die teks. William Dumbrell (1985) stel dat sy Bybels-teologiese metode gebaseer is op die voorveronderstelling van die verskeidenheid van die Bybelboeke in die eenheid van die kanon. Van Gemeren (1995:21) kom op grond van hierdie veronderstelling ook tot die gevolgtrekking dat die Christenstudent van die Ou Testament by die kruis van Christus moet verbygaan op pad na die Ou Testament. Hierdie studie wil, in navolging hiervan, gebruik maak van hierdie kanonieke benadering wat klem lê op die finale vorm van die

teks soos in die Kanon opgeneem (Dillard & Longman 2006:16). Ook Gamble (2009:9) wat kennis uit verskeie teologiese dissiplines integreer, volg ŉ benadering wat die eenheid van die kanon en al sy onderdele afsonderlik erken.

### 1.5.2. Bybelse Teologie

In hierdie studie word Bybels-teologies te werk gegaan. Hiermee word verwys na die benadering wat deur Geerhardus Vos (1948:13) reeds in die middel van die vorige eeu as volg gedefinieer word: "Biblical Theology is that branch of Exegetical Theology which deals with the process of self-revelation of God deposited in the Bible". Gamble (2009:23) integreer ook Bybelse, Historiese en Sistematiese Teologie en prys Bybelse Teologie deur te sê dat as die Bybel in historiese en organiese kontinuïteit geëksegetiseer word, dit die eksegeet "tremendous information concerning God, and thus about Theology" gee.

Hoewel Bybelse Teologie grootliks grammatikaal-historiese eksegese as basis het (Gamble, 2009:27), beteken dit nie dat dit noodwendig in stryd staan met die literêr-kritiese benadering se fokus op die teks nie. Sailhamer (1995:67) se beswaar dat die Bybelse Teologie van Vos (1948) ŉ vermenging van teks en gebeurtenis vertoon, word beantwoord deur Gamble (2009:30) wat aandring daarop dat dit nie noodwendig die geval is nie, maar dat Bybelse Teologie op die Skrif as hoeksteen bou deur die verlossingsgeskiedenis te analiseer. In hierdie studie word die benadering van Bybelse Teologie dus gevolg, maar sluit daarmee nie die gebruik van nuttige elemente van ander benaderings uit nie.

Die eksegetiese benadering tot beoefening van Teologie as ŉ onderdeel van Bybelse Teologie impliseer dat die proses deur eksegese ingelig word. Vir die eksegetiese proses word in hierdie studie gevolglik gesteun op Vos en diegene wat op sy skouers staan. Van Gemeren (1995:15) kyk spesifiek, in navolging van Geerhardus Vos en Edmund Clowney, na die literêre vorme, kanonieke funksies en die verlossings-geskiedkundige belang van elke fase van die Bybelse geskiedenis. Hierdie studie maak verder gebruik van die eksegetiese en hermeneutiese benadering van Goldsworthy wat Bybelse voorveronderstellings as grondbeginsels vir Bybelse Teologie voorhou (Goldsworthy 2006:68). In die onderliggende eksegetiese werk word ook gesteun op die riglyne gestel deur De Klerk en Van Rensburg (2005), asook Kaiser & Silva (2007), Kaiser (2008), en Poythress (1999).

### 1.5.3. Navorsing, ingelig deur eksegese

Die eksegetiese arbeid moet die navorsing van hierdie studie inlig. Eksegese komplementeer die raadpleeg van literêre bronne en die verwerking, verrekening en interpretasie van die inligting wat

daardeur versamel word. Met bogenoemde uitgangspunte in ag geneem, is die metodologie vir hierdie studie vergelykende literatuurnavorsing. Die studie wil poog om, ingelig deur die onderliggende eksegetiese arbeid van die teks van Deuteronómium deur die genoemde hermeneutiese benadering, die gestelde vrae te ondersoek deur middel van aanvaarde navorsingsmetodologie. Dit behels om verskillende bestaande studies op die onderwerp te ondersoek, te vergelyk en ŉ eie teologiese argument te voer wat bestaande ondersoeke deeglik verdiskonteer.

Volgens hierdie metode sal gepoog word om die betekenis vas te stel van die begrip “lewe” en die betekenis daarvan met betrekking tot die land en die toekomsverwagting in die boek Deuteronómium vas te stel.

### 1.6. Voorlopige hoofstukindeling

Die verhandeling word in vyf hoofstukke ingedeel. Hoofstuk 1 bevat die inleiding en stel die agtergrond, probleemstelling, die sentrale navorsingsvraag, doelwit, doelstellings en metodologie van die studie aan die orde. Hoofstuk 2 bestudeer die konsep van lewe en die stamwoord חיה in Deuteronómium as teologiese tema en die verskillende maniere hoe die konsep in die boek gebruik word. Hoofstuk 3 bestudeer die begrip “lewe” in Deuteronómium met betrekking tot die Beloofde Land. Hoofstuk 4 bestudeer die begrip “lewe” met betrekking tot ŉ toekomsverwagting van Israel. In Hoofstuk 5 word die gegewens uit hierdie studies saamgevat en gevolgtrekkings daaruit gemaak en ŉ formulering gemaak van hoe die konsep van lewe in Deuteronómium verstaan kan word as teologiese tema met toespitsing op die Beloofde Land en ŉ toekomsverwagting van Israel.

# HOOFSTUK 2: DIE BETEKENIS VAN “LEWE” (STAMWOORD חיה) AS TEMA IN DEUTERONÓMIUM

## 2.1. Inleiding

In ’n ondersoek na die betekenis van lewe bied Deuteronómium ’n besondere bron. Wat in Deuteronómium bedoel word wanneer van lewe gepraat word hou implikasies in vir die verstaan van die konsep van lewe in die ondersoek daarvan in die res van die Ou Testament, die Bybel en die Christelike tradisie. Anidjar (2011:699, 714-715) noem drie kritiese velde van ondersoek wat die konsep van “lewe” beskou as ’n begrip wat meer kompleks is as blote biologiese bestaan en dit as een van hul hoogste belange handhaaf: die regte, die mediese- en die ekonomiese wetenskappe. Hy skryf tereg hierdie fokus toe aan die invloed van Christenskap. Hy voer aan dat die konsep van lewe as iets heiligs ontstaan het met die advent van Christenskap. In hierdie studie word egter aangevoer dat hierdie beskouing, naamlik dat lewe in meer as net die biologiese sin verstaan moet word, nie maar bloot ’n Nuwe Testament beskouing is nie, maar reeds in die Ou Testament, en soos spesifiek in hierdie studie uitgewys word, ook in Deuteronómium, bestaan.

In hierdie hoofstuk word die saak eers gestel vir die geldigheid van die konsep van lewe as teologiese tema. Dit word gedoen deur die handige omskrywing van Waltke (2007:50) van wat ’n teologiese tema is te vergelyk met die bespreking van Schultz (1997:194-198) oor dieselfde saak. Hieruit kan afgelei word aan watter eienskappe voldoen moet word om akademies verantwoordbaar van ’n teologiese tema te kan praat. Sou dit blyk dat hierdie eienskappe wel teenwoordig is by prominente, bestaande en erkende temas, kan aanvaar word dat hierdie eienskappe kan dien as riglyn om vas te stel of dit geldig sou wees om van die konsep van lewe in Deuteronómium te praat as teologiese tema. As vasgestel kan word dat lewe inderdaad as teologiese tema beskou kan word, sal verder gewys word op hoe die konsep van lewe gebruik word in Deuteronómium en wat die betekenis daarvan is.

## 2.2. “Lewe” as teologiese tema in Deuteronómium

### 2.2.1. Populêre teologiese temas van die Ou Testament

Studie in die teologie, en veral in die Bibliologiese dissiplines, het oor baie jare al verskeie teorieë oor moontlike teologiese temas vir die Bybel opgelewer. Die vraag is of, in die bespreking van ’n tema, uitgegaan word van die veronderstelling dat die betrokke tema die sentrale tema van die

Ou Testament is, of dit die enigste sentrale tema van die Ou Testament is, en of dit een van vele temas is waarlangs die Ou Testament gelees kan word. Hamilton (2010:41) argumenteer dat daar inderdaad ŉ sentrale tema van Bybelse Teologie is en dat dit “... the glory of God in salvation through judgement ...” is. Hiervoor neem hy sterk standpunt in teen Brueggemann (1997:xvi) wat stel dat daar geen terugkeer kan wees na ŉ “... singular coherent faith articulation in the text ...” nie.

ŉ Benadering wat ŉ middeweg tussen hierdie twee standpunte inneem blyk egter moontlik te wees. Hasel (1972:139-141) bespreek die rol wat “themes, motifs and concepts” in die opstel van ŉ Ou Testament Teologie speel en wys op die belangrikheid daarvan om reg te laat geskied daaraan, maar ook op die gevaar van ŉ kunsmatige en gedwonge benadering tot Ou Testament teologie wat alle gegewens wil dwing om rondom een strukturerende tema in te pas. Dit blyk heeltemal billik te wees om reg te laat geskied aan ŉ verskeidenheid teologiese temas en selfs daarna te verwys as sentrale temas, sonder om noodwendig een van hulle as enigste sentrale tema te aanvaar. Dit is egter wel nodig om in die ondersoek van hierdie temas te verstaan wat onder *tema* bedoel word.

Waltke (2007:50) noem ŉ teologiese tema ŉ idee wat deel is van die waardestelsel van ŉ narratief en wat verband hou met ŉ kernwoord of motief wat vleg deur die hele kanon van die Skrif. Hy beskryf die naspeur van hierdie temas deur die verskeie boeke van die Bybel as ŉ belangrike taak van Ou Testament Teologie. Schultz (1997:194-198) se bespreking van teologiese temas toon verskeie ooreenkomste met bogenoemde definisie van Waltke en deur ŉ vergelyking van die twee word die volgende eienskappe duidelik wat as kriteria kan dien vir die identifisering van ŉ teologiese tema:

- Teologiese temas hou verband met woorde (Schultz, 1997:195).
- Teologiese temas is nie bloot woorde nie, maar ook uitdrukkings van konsepte of idees (Schultz, 1997:195; Waltke, 2007:50).
- Teologiese temas is idees wat deel vorm van ŉ narratief (Schultz, 1997:195-196), of meer spesifiek volgens Waltke, van die waardestelsel van ŉ narratief (2007:50).
- Teologiese temas kom dikwels voor in herhalende pare van temas of woorde, veral in spesifieke boeke (Schultz, 1997:197).
- Teologiese temas is idees of konsepte wat verweef is deur ŉ Bybelboek, -boeke en/of die kanon (Schultz, 1997:195; Waltke, 2007:50). Hierby kan ook verwys word na Hasel (1972:126) wat stel dat ŉ idee as tema oorweeg kan word as dit uitdrukking gee aan die eenheid tussen die Ou- en Nuwe Testament.

- Teologiese temas vorm die boustene van die teologie van ŉ Bybelboek (Schultz, 1997:195).

Temas soos *die heiligheid van God, regering van God, God as Here, gemeenskap, verlossing, verbond, koninkryk, belofte-vervulling* en vele ander is al voorgestel. Hoewel verskeie ander benaderinge tot Ou Testament Teologie al deur die verloop van tyd meer gewild geword het, het voorstelle vir temas in die Bybel en selfs in spesifieke boeke steeds impak. Onlangs het Hamilton (2010:41) nog ŉ poging aangewend om die sentrale tema van die Bybel te bepaal. Sy voorstel vir sentrale tema is: “the glory of God in salvation through judgement”.

Al hierdie temas is nuttig vir die beoefening van Ou Testament Teologie en elkeen dra ongetwyfeld by tot unieke perspektiewe, maar geen enkele tema kan waarskynlik reg laat geskied aan die rykdom van die Ou Testament, die Nuwe Testament, of die Bybel nie. G.E. Wright (1966:377) dui hierop: “It is improbable, however, that any one single theme is sufficiently comprehensive to include within it all variety”. Waltke (2007:51) maak dieselfde punt: “The discipline of Old Testament theology is necessarily reductionistic – the emphasis has to be on the selection of major concepts of the books and on the development of major themes that are shared by the various books”.

In hierdie studie word die argument gemaak vir die konsep van lewe as ŉ geldige teologiese tema in Deuteronómium. Die doel is nie om voor te gee dat lewe dié tema van Deuteronómium, die Ou Testament, of die Bybel is nie. Sou dit die aanspraak wees, sou die reeds genoemde waarskuwing van Hasel (1972:139-141) geld en die kritiek van Brueggemann (1997:xvii) geldig wees wat tot die gevolgtrekking kom: “... it is impossible to fashion a coherent statement concerning theological substance or themes in the Old Testament unless the themes or substance be framed so broadly and inclusively as to be useless”. Waltke (2007:51) argumenteer, ten spyte hiervan, vir die ontwikkeling van hooftemas en konsepte wat deur verskeie boeke gedeel word. Daarom is die doel van hierdie hoofstuk om aan te toon dat die konsep van lewe as ŉ tema van Deuteronómium wel een onderdeel vorm van die ryke teologie van die boek (Wright 1966:377).

Die uitgangspunt van hierdie studie is dus dat die verskeie teologiese temas wat al in die Bybel ondersoek is, gesien kan word as die vesels van ŉ gevlegte tou wat, saam gesien, ŉ sterker, duideliker eenheid vorm wat die rykdom van God se openbaring beskryf. Dit beteken nie dat die Bybel nie langs een of die ander van hierdie temas sinvol gelees kan word nie, maar bloot dat die verskillende aspekte en nuanses van die verlossingsgeskiedenis beter raakgesien kan word as verskillende tematiese lyne deur die Bybel saam beskou kan word.

Om dus die konsep van lewe as ’n teologiese tema te kan beskou sal dit moet voldoen aan bogenoemde omskrywings en kriteria. Vervolgens word, deur te verwys na enkele voorbeelde in elke geval, oorweging geskenk aan hoe bestaande teologiese temas aan die bogenoemde kriteria voldoen. Hiermee word ’n basis geskep wat gebruik kan word om die konsep van lewe aan dieselfde kriteria te toets en so die geldigheid van die aanspraak op “lewe” as teologiese tema in Deuteronómium te staaf.

### 2.2.2. Kriteria vir teologiese temas

#### 2.2.2.1. Teologiese temas hou verband met woorde

Waltke (2007:50) se definisie hierbo stel dat teologiese temas verband hou met kernwoorde. Schultz (1997:195) spesifiseer verder en argumenteer dat teologiese temas ontwikkel word deur kernwoorde. Hy merk verder op: “... despite the dangers associated with overvaluing individual words, the accurate identification, understanding, and comparison of theologically significant words within a text can make a substantial contribution to the theological assessment of a text” (Schultz 1997:197).

In Kaiser (2008:19, 27) se argument vir *the promise-plan of God* as sentrale tema van die Bybel verwys hy na die woorde ‘word’, ‘rest’ en ‘blessing’ wat in die Ou Testament as sinonieme gebruik word en later na die Griekse *epangelia* (belofte) waardeur die tema ontwikkel word.

Ook McCarthy (1973:2-4) wys, in sy bespreking oor die filologie van die woord *berit*, die Hebreeuse woord vir verbond*,* daarop dat die konsep/idee van verbond gekoppel is aan hierdie woord.

#### 2.2.2.2. Teologiese temas is nie net woorde nie, maar ook uitdrukkings van konsepte of idees.

Volgens Waltke (2007:50) is ’n tema nie bloot ’n herhalende woord nie, maar ’n idee of ’n konsep. ’n Konsep is ’n wysgerige begrip (Die HAT 1994:565). Ook idee word verklaar as ’n begrip wat weer verklaar word as ’n bevatting of ’n “... samevatting van ’n aantal kenmerke tot ’n eenheid” (Die HAT 1994:408, 68). Schultz (1997:195:195) praat ook nie bloot van woorde nie, maar van “... theologically significant words ...”.

Hierdie selfde gedagte kom herhaaldelik voor by McCarthy (1973:1-2) as hy in sy bespreking van ‘covenant’ daarvan as ’n ‘idea’ en ’n ‘concept’ praat. Ook Bright (1953:10), ten spyte van ’n baie besliste fokus op die woord koninkryk, praat van die koninkryk van God as ’n tema en ’n konsep.

#### 2.2.2.3. Teologiese temas is idees wat deel vorm van waardestelsel van ’n narratief

’n Woord wat teologiese belang dra of ’n aantal kenmerke saamvat is nie net ’n woord nie, maar ’n konsep. Tog is ’n konsep nie noodwendig ’n teologiese tema nie. Daarvoor beweer Waltke (2007:50) dat so ’n konsep deel moet vorm van die waardestelsel van ’n narratief. Vir ’n konsep om as teologiese tema beskou te word moet dit dus tot so mate belaai wees met teologiese betekenis dat dit deel vorm van die teologiese onderbou van wat in die teks beskryf word. ’n Teologiese tema is dus ’n konsep of idee wat betekenis gee aan ’n narratiewe beskrywing. Daarom beveel Schultz (1997:195-196) aan dat slaggate in woordstudies vermy moet word deur die aandag te verskuif van die vlak van die sin na die vlak van die diskoers as primêre konteks vir interpretasie. Hy verduidelik verder hoe dieselfde woord kan voorkom met verskillende nuanses. Elke verskyning van so ’n woord help opbou aan ’n bepaalde tema. Woorde met gelaaide teologiese betekenis, naamlik konsepte, word op verskillende maniere in die verloop van ’n teks gebruik om inhoud te verleen aan die waardestelsel van die groter narratief.

Kaiser (2008:19) voer die argument vir die “promise-plan” in hierdie verband en merk op: “It is little wonder, then, that the New Testament found the theme of the promise to be not only the unifying center around which they understood the Old Testament but also the way to trace the continued advancement and development of the metanarrative of the future work of God”.

Bright (1953:7) maak ’n soortgelyke aanspraak vir die tema van die koninkryk van God as hy stel dat dit ’n konsep is wat op ’n baie werklike manier die totale boodskap van die hele Bybel insluit, soos Hamilton (2010:58) dit ook argumenteer vir sy tema “God’s glory in salvation through judgement”.

#### 2.2.2.4. Teologiese temas kom dikwels voor in herhalende pare van temas of woord

’n Verdere kenmerk van teologiese temas is dat dit dikwels in pare voorkom (Shultz 1997:197). Hy verwys hierin na hoe twee woorde wat gereeld saam gebruik word dikwels dui op teologiese betekenis en wys op verskeie voorbeelde. Woorde soos מִשְׁפָּט (reg) en צְדָקָה (geregtigheid) word saam gebruik in Psalm 99:4 en in parallelisme in Jesaja 28:17. Ook die bekende kombinasie van חֶ֫סֶד (liefde) en אֱמֶת (trou) wat as temas afsonderlik bestaan word saam gebruik in Spreuke 3:3; 14:22;16:6; 20:28; Psalm 26:3; 57:11; 69:14 en Jesaja 16:5. In Jesaja word יְשׁוּעָה (heil/verlossing) en צְדָקָה (geregtigheid) saam gebruik in 33:5-6; 51:6; 59:17; 60:17-18. Sulke temas word dikwels

aan mekaar gekoppel en saam gebruik deur die verloop van ’n narratief, ’n boek, ’n Testament of die Bybel.

Teologiese temas is dikwels konsepte wat in verband met ander konsepte staan. Die rede hiervoor is dikwels dat dit gekontrasteer word met die teenpool daarvan. Die tema wat Hamilton (2010:56-57) voorstel as sentrale tema van die Bybel is een voorbeeld hiervan. Die verlossing wat God bied staan onlosmaaklik verbind met, maar tog lynreg teenoor, die oordeel wat Hy vel.

Pare temas kom egter nie net voor as noodwendige teenpole nie, maar ook omdat hulle logiese uitvloeisels van mekaar is. Kaiser (2008:24) noem dat die tema van die belofte-plan van God onder andere verbind is aan die konsep van die koninkryk van God. Die belofte is noodwendig verbind aan dit wat belowe word en lei daartoe dat temas gewoonlik verbind is aan ander temas.

#### 2.2.2.5. Teologiese temas is idees of konsepte wat verweef is deur ’n Bybelboek, -boeke en die kanon

’n Verdere kenmerk van ’n teologiese tema is dat dit, volgens Schultz (1997:195), verweef is deur die hele Bybel of die kanon (Waltke 2007:50). Hierby kan ook verwys word na Hasel (1972:126) wat stel dat ’n idee as tema oorweeg kan word as dit uitdrukking gee aan die eenheid tussen die Ou- en Nuwe Testament.

Bright (1953:10-11) stel die saak vir “... the Kingdom of God” as teologiese tema ondermeer op grond daarvan dat dit regdeur die Ou- en Nuwe Testament voorkom en ook die twee Testamente verbind:

> “This is a note that is present in Israel’s faith from the earliest times onward, and which is to be found, in one way or another, in virtually every part of the Old Testament. It also unbreakably links Old Testament to New. For both have to do with the Kingdom of God, and the same God speaks in both”.

Kaiser (2008:19, 22) brei uit op hoe die tema van belofte-vervulling voorkom by die aartsvaders, in die Exodus-narratief, in God se handelinge met Dawid, in die Psalms en die vroeë profete, in die latere profete en in die boeke van die Nuwe Testament. Hy stel as een van tien kenmerkende karaktertrekke van die belofte-plan tema die volgende:

> “The doctrine of the promised Messiah is found throughout all the Scriptures and not just in isolated or selected passages as understood by the promise-fulfillment scheme”.

#### 2.2.2.6. Teologiese temas vorm die boustene van die teologie van 'n Bybelboek

Schultz (1997:197) voer aan: "... one must note how the theology that emerges from the book's structure intersects with the theology borne by its themes. In some books, the themes bear the primary theological freight".

Kaiser (2008:90-100) beskou die Beloofde Land as die hooftema van Deuteronómium. Hy bou sy bespreking van die teologie van Deuteronómium rondom hierdie tema met subopskrifte soos "Inheritance of the land", "Rest in the land", "A chosen place in the land" en "Name dwelling in the land". Hieruit is dit duidelik sigbaar hoe die tema van land die boustene word vir die teologie van die boek. Die land verbind immers die volk Israel as ontvangers aan God as die gewer daarvan (Helberg 1990:24-25,28). Soortgelyke argumente kan gemaak word vir bykans elke ander tema wat al voorgestel is.

### 2.2.3. Die kriteria vir teologiese temas toegepas op "lewe" in Deuteronómium

#### 2.2.3.1. "Lewe" as tema in Deuteronómium hou verband met 'n woord

Die konsep van lewe in Deuteronómium voldoen aan die kriteria dat teologiese temas verband moet hou met spesifieke woorde. Dit word duidelik uit die eerste sin van Markl se artikel as hy sê: "'Life' (the root חיה) is one of the key theological concepts in the book of Deuteronomy" (2014:71). Dit word beaam deur Coetsee (2019:101) wat ook die konsep van lewe aan die stamwoord koppel. Beide bogenoemde artikels bied breedvoerige uiteensettinge van hoe die woord in Deuteronómium gebruik word. In die vorige hoofstuk is ook reeds aangetoon hoe gereeld lewe in verskillende vorme voorkom in Deuteronómium. "Lewe" as teologiese tema is dus onlosmaaklik verbind aan die woorde in Deuteronómium wat verband hou met die stamwoord חיה.

#### 2.2.3.2. "Lewe" as tema in Deuteronómium is nie net 'n woord nie, maar ook 'n uitdrukking van 'n konsep of idee

Die gestelde kriteria vereis egter dat 'n tema nie maar bloot woorde kan wees nie, maar konsepte of idees moet behels. Dat "lewe" ook hieraan voldoen is duidelik sigbaar uit dieselfde twee verwysings wat reeds hierbo aangevoer is. Coetsee (2019:101) en Markl (2014:71) verwys na die konsep van lewe terwyl Weinfeld (1972:308) na "lewe" as 'motif' verwys. Die herhaling en verspreiding, waarop reeds gewys is (sien Tabel 1.1 hierbo), van die verskillende vorme van die stamwoord vir lewe in Deuteronómium wys op 'n besliste idee rondom die woord. Die teologiese belang van lewe is die uitdruklike klem daarop as gawe uit die hand van God. Dit word duidelik uit Deuteronómium 32:39: *"Aanskou nou dat dit Ek is en dat daar geen god naas My is nie; Ek*

*maak dood en maak lewend, Ek het verbrysel en Ek genees; en daar is niemand wat uit my hand red nie.”*

Dat hierdie konsep gereeld gekoppel word aan die konsepte van die Beloofde Land en ŉ toekomsverwagting versterk die gevolgtrekking dat hier nie net sprake van ŉ woord is nie, maar van ŉ konsep of idee. Uit die res van hierdie studie se bespreking oor die gebruik van die konsep van lewe in Deuteronómium sal dit ook duidelik blyk dat daar beslis ŉ tema ontvou rondom die konsep van lewe.

#### 2.2.3.3. “Lewe” as tema is ŉ idee wat deel vorm van die waardestelsel van Deuteronómium

Block (2005:20-21) dui aan hoe die konsep van lewe in verband met gehoorsaamheid aan die wet van God verweef is deur die Ou Testament. Hy verwys na Levítikus 18:5; Eségiël 20:11,13; Nehemía 9:29 en Psalm 1:1-6; 119. Hy verwys ook na Hábakuk 2:4 wat die gedagte saamvat: “Kyk, sy siel is opgeblase in hom en nie reg nie. Maar die regverdige, deur sy geloof sal hy lewe”. Hier word die siel (נֶ֫פֶשׁ) wat opgeblase en verkeerd is gekontrasteer met die geloof waardeur die regverdige lewe. Die kontras maak dit duidelik dat die lewe in die geloof verbind is, nie bloot aan uiterlike gehoorsaamheid nie, maar aan die siel, die innerlike, die geestelike.

Die tydsgewrig waarin die gebeure van Deuteronómium afspeel vorm die deel van die narratief van die swerftog van Israel ná die uittog en die gee van die wet en vóór die vestiging in die Beloofde Land. In hierdie tyd vorm hierdie konsep van lewe as uitvloeisel van gehoorsaamheid aan die wet van God ŉ belangrike deel van die waardestelsel van die volk. Deuteronómium is die boek van verbondsvernuwing en om jou opnuut te verbind tot hierdie waardestelsel van gehoorsaamheid aan die lewegewende God is om te kies vir die lewe (Deut. 30:14-16).

#### 2.2.3.4. “Lewe” as tema kom dikwels voor in herhalende pare van temas of woorde in Deuteronómium

In Tabel 1.2 hierbo is reeds uitgewys dat die konsep van lewe in Deuteronómium telkens in verband staan met die konsep van die Beloofde Land (Deut. 4:1; 5:33; 6:1-2, 23-24; 8:1; 12:1; 16:20; 30:5-6, 16, 20; 31:13; 32:47) en met betrekking tot ŉ lang lewe, of anders gestel, ŉ toekomsverwagting (Deut. 4:9-10; 5:33; 6:2, 24; 8:1; 17:19; 30:6, 16). In Hoofstuk 3 gaan verder uitgebrei word op die teologiese belang van die verbintenis van “lewe” met die land en in Hoofstuk 4 op die teologiese belang van die verbintenis van “lewe” aan ŉ toekomsverwagting. Ter wille van die argument op hande word hier bloot gewys dat die konsep van lewe inderdaad die patroon van erkende temas volg in die opsig dat dit wel in herhalende pare met ander temas verskyn.

#### 2.2.3.5. “Lewe” as tema is ’n konsep wat verweef is deur Deuteronómium en die kanon

Coetsee (2019:105) en Markl (2014:74) verwys beide na die verspreiding van die konsep van lewe in Deuteronómium en op die feit dat dit in klimaktiese dele van die boek voorkom. Die konsep van lewe is egter nie net duidelik in Deuteronómium nie. Reeds in die skepping van die mens kom die tema na vore as God die lewe in die neus van die mens blaas (Gén. 2:7). In dieselfde hoofstuk word hierdie lewendige mens geplaas binne ’n bepaalde area wat aan hom gegee word (Gén 2:8). Daar leef ook reeds ’n toekomsverwagting vir die mens in die opdrag om te vermeerder in Génesis 1: 28 en in die belofte van Génesis 3:15. In Hoofstuk 1 van die studie is reeds verwys na die voorkoms van die konsep van lewe in elke korpus van die Ou Testament, van geskiedskrywing, tot wysheidsliteratuur, tot die profetiese materiaal[7]. Dit stop egter nie daar nie. In die Nuwe Testament word die gedagte weer opgetel in Johannes 10:10 waar die Here Jesus stel dat Hy kom sodat sy skape lewe in oorvloed kan hê. Die lewe in Christus lei uiteindelik tot die ewige lewe (Mt. 25:46). Die konsep van lewe is beslis verweef, nie net deur die boek Deuteronómium nie, maar deur die hele Ou Testament en deur die hele Bybel.

#### 2.2.3.6. “Lewe” as tema vorm die boustene van die teologie van Deuteronómium

Daar is reeds verwys na Kaiser (2008:90-100) se argument vir die land as teologiese tema van Deuteronómium. Dit is duidelik dat die onderskeie aspekte van die Beloofde Land die boustene van die boek vorm. Die Beloofde Land is inderdaad ’n belangrike tema in Deuteronómium en al word in hierdie studie ’n groter klem geplaas op die konsep van lewe, is dit juis die argument van Hoofstuk 3 dat die herhaalde koppeling van die temas van land en lewe gesag verleen aan die gedagte van lewe as ’n bousteen en dus ’n belangrike tema in die teologie van Deuteronómium is.

Weinfeld (1972:307-308) argumenteer dat die gebruik van lewe in Deuteronómium 30, waar die lewe en geluk gestel word teenoor die dood en ongeluk, ooreenstem met soortgelyke gebruike in Spreuke en Egiptiese wysheidsliteratuur. Hy maak ’n sterk argument hiervolgens dat die lewe verteenwoordigend is van die goeie en die dood van die bose. Spreuke 8:35-36 stel dat wie wysheid vind, die lewe vind en die welbehae van die Here verkry en dat wie wysheid haat, die dood liefhet. (Die bekende) Spreuke 1:7 stel die beginsel van die wysheid as die vrees van die

---

[7] Sien Punt 1.1.1.2: Voorkoms van die begrip “lewe” in Deuteronómium teenoor ander boeke van die Ou Testament, asook Figuur 1.1.

Here. Hierdie konsepte is onlosmaaklik verbind aan die teologie van Deuteronómium. God is die lewende God (vgl. Deut. 5:26; 32:39-40). Hy is die God wat mag het oor lewe en dood, maar meer nog, wat self ewig lewe en nooit kwyn nie (Coetsee 2019:119). Spreuke 4:13 se “... dit is jou lewe”, wat Weinfeld (1972:308) beskryf as ŉ ‘motif’, weerklink in Deuteronómium 30:20 en 32:47 (hier in die meervoud).

In Hoofstuk 1 is reeds bespreek dat die konsep van lewe besonder baie in Deuteronómium voorkom[8]. Dit is egter nie bloot die gereelde voorkoms van die konsep wat opvallend is nie, maar ook die plasing daarvan in die boek. Verwysings na “lewe” kom byvoorbeeld gekonsentreerd voor in Deuteronómium 4, 5 en 30, almal klimaktiese hoofstukke in die boek (Coetsee, 2019:105 en Markl, 2014:74). Dit gee ŉ goeie aanduiding van die belangrikheid daarvan as bousteen van die teologie van Deuteronómium.

### 2.2.4. Gevolgtrekking

Dit is duidelik dat die konsep van lewe oor al die eienskappe beskik wat kenmerkend is van erkende teologiese temas en dus wel as teologiese tema van die Bybel beskou kan word. Dit is egter nie bloot die geldigheid van “lewe” as teologiese tema in die algemeen waarvoor hier geargumenteer word nie, maar spesifiek vir “lewe” as teologiese tema in die boek Deuteronómium.

Verskeie temas is al as teologiese temas in Deuteronómium voorgestel. Weinfeld bespreek verskeie temas wat van belang is in Deuteronómium soos die wet (1991:17), die land (1991:57), die verbond (1991:6) en die uitverkiesing van Israel (1991:60). Verder kan genoem word: verbondskontinuïteit (van Gemeren 1988:140), die verbond (Thompson, 2008:80-90), die Naam van God (Vos, 1948:123) en die eer van Jahweh (Hamilton, 2010:132). Hill & Walton (2009:175-76) dui die wet, sentralisering van die heiligdom, geskiedenis as teologie en die vergeldingsbeginsel as die groot temas van die boek Deuteronómium aan. Dillard & Longman (2006:114-118) wys op die eenheid van Israel in verbond met God, sentralisering van die heiligdom, die land en belofte vervulling, die Woord van God en die Naam van God as kerntemas van die teologiese boodskap van Deuteronómium.

---

[8] Sien punt 1.1.1.2: Voorkoms van die begrip “lewe” in Deuteronómium teenoor ander boeke van die Ou Testament, asook Figuur 1.1.

As hierdie konsepte as teologiese temas van Deuteronómium beskou kan word, is die argument in hierdie studie, in die lig van hierdie hoofstuk se bespreking tot dusver, dat die konsep van lewe beslis as teologiese tema in Deuteronómium beskou kan word. Die konsep van lewe is wel ŉ idee, dit vorm deel van die waardestelsel van ŉ narratief, dit hou verband met ŉ kernwoord of motief wat vleg deur die hele kanon van die Skrif. “Lewe” vergelyk goed met bestaande temas en kan dus as ŉ teologiese tema beskou word.

Daarom kan saamgestem word met Coetsee (2019:106) wat tot die gevolgtrekking kom dat die konsep van lewe in Deuteronómium doelbewus en sistematies gebruik word, besondere klem geniet en daarom as kern-konsep in die boek beskou kan word.

## 2.3. Die betekenis van “lewe” (stamwoord חיה) in Deuteronómium

### 2.3.1. Inleiding

Die gebruik van die konsep van lewe in Deuteronómium, soos uiteengesit in Hoofstuk 1 in Tabel 1.2, wys daarop dat חיה in verskillende kontekste kan wys op fisies-biologiese bestaan, geestelike bestaan of in sommige gevalle beide. Tabel 1.2 word hieronder herhaal as Tabel 2.1 aangesien in hierdie hoofstuk verder uitgebrei word op die betekenis van die konsep van lewe in Deuteronómium.

| Die betekenis van “lewe”: | | “lewe” met betrekking tot die Beloofde Land | “lewe” met betrekking tot ŉ toekomsverwagting |
|---|---|---|---|
| as fisiese bestaan (teenoor dood en as seën op gehoorsaamheid) | as geestelike bestaan (in kwaliteit en lengte van lewe) | | |
| Deut. 4:1, 4, 7, 10, 33, 42; 5:3, 24; 6:24; 8:1; 12:1; 16:3, 20; 17:19; 19:4-5; 20:16, 28, 66; 31:13, 27; 33:6 | Deut. 5:33; 6:2, 24; 8:3; 17:19; 30:6, 15-16, 19-20; 32:39, 47 | Deut. 4:1; 5:33; 6:1-2, 23-24; 8:1; 12:1; 16:20; 30:5-6, 16, 20; 31:13; 32:47 | Deut. 4:9,10; 5:33; 6:2, 24; 8:1; 17:19; 30:6, 16 |

*Tabel 2.1: Die voorkoms van die verskillende vorme van die stam חיה in die boek Deuteronómium (Markl 2014:72) (Herhaal uit hoofstuk 1).*

Die werkwoord חיה, wanneer dit in die *qal* voorkom, kan vertaal word as “lewe”, “lewendig wees”, “lewendig bly” of selfs “lewendig word”. In die *pi’el* word die werkwoord dikwels vertaal met “lewendig hou”, “laat lewe” of “lewendig maak”. Die werkwoord חיה, wanneer dit in die *hif’il*

voorkom kan vertaal word as "lewendig hou", "lewendig laat" of "in lewe herstel" (Holladay, 1988:102). Die verklaring van Swanson (1997: n. pag.) stem hiermee ooreen.

Die vraag kan dan gevra word wat dit beteken "om lewendig te wees" of "te word". In besonder kan gevra word wat in die Bybel bedoel word met lewendig wees, en uiteindelik kan nog meer spesifiek gevra word wat in spesifieke Bybelboeke bedoel word met die stam חיה. In hierdie hoofstuk wil ondersoek ingestel word na wat bedoel word met die woord חיה in Deuteronómium.

In enige studie van die betekenis van woorde moet rekening gehou word met die kontekste en semantiese velde waarin dit voorkom. Vanhoozer (1997:8) stel tereg:

> "... a determination of the meaning of a word may be better assessed in its discourse and in its relation to other words (semantic fields). On the one hand, the discourse provides a structure of relationships within which the meaning of a word can best be judged. On the other hand, the determination of the meaning of a word is also contingent on its relationship with other words".

Word die woord חיה ondersoek in Deuteronómium, is dit duidelik dat die woord in verskillende kontekste en semantiese velde staan en dus verskillende betekenisse aanneem.

Studies soos dié van Markl (2014) het reeds deeglike grondwerk gedoen in navorsing oor verskillende voorkomste, gebruike en formulerings van die woord חיה in Deuteronómium. Coetsee (2019) bied ook ŉ goeie grondslag vir verdere bestudering van die teologie wat in daardie verskillende gebruike van die woord opgesluit lê. Sonder om noodwendig te delf in semantiek of etimologie kan ŉ breë onderskeid gemaak word tussen enkele van die verskille in betekenis van die woord חיה in Deuteronómium.

Vervolgens word onderskei tussen twee hoof kategorieë van ondersoek van "lewe". Die eerste sentreer rondom die fisiese. Om te lewe is om nie dood te wees nie, om te bestaan. Die konsep van lewe as bestaan kan selfs verder onderskei word tussen ŉ fisies-biologiese bestaan en ŉ lewe as uitvloeisel van gehoorsaamheid.

Die tweede kategorie behels ŉ geestelike komponent. Met geestelik word bloot bedoel dat "lewe" in Deuteronómium nie beperk kan word tot die vleeslike, fisiese bestaan nie. Odendal (1994:246) definieer geestelik as: "Van, eie aan, in, uit, vir, betreffende die gees van die mens; teenoor liggaamlik, sinnelik, stoflik, vleeslik". Om egter ŉ meer Bybelse fokus te plaas op wat bedoel word kan verwys word na die skepping van die mens in Génesis 1 waar genoem word hoe die mens geskape word na die beeld van God (Gen. 1:27). Hy blaas die asem van die lewe in die neus van die mens wat daardeur " ŉ lewende siel word" (Gen. 2:7). Om na die beeld van God geskape te

word onderskei die mens van die dier (Gen. 2:20) daarin dat die mens geskape word met, onder andere, die vermoë om met God in verhouding te kan leef. Wanneer dus in hierdie studie deurlopend verwys word na die geestelike lewe is hierdie deel van die mens se lewe wat te doen het met die verhouding tot God wat aan die hart daarvan lê.

Dit ondersoek die gebruik van “lewe” in Deuteronómium as aanduiding van ŉ vervulde lewe of ŉ goeie lewe, ŉ lewe wat nie net spreek van die stoflike behoeftes van die mens nie (Deut. 8:3). Hierdie gebruik van lewe in Deuteronómium kan verder in twee sub-kategorieë onderskei word: dit word dikwels in Deuteronómium uitgedruk in terme van ŉ lang lewe of ŉ kwaliteit van lewe.

### 2.3.2. “Lewe” (חיה) as uitdrukking van fisiese bestaan

#### 2.3.2.1. “Lewe” (חיה) as fisies-biologiese bestaan

Die eenvoudigste gebruik van die woord חיה in Deuteronómium is die gebruik daarvan om uitdrukking te gee aan fisiese bestaan. In hierdie gebruik dra die woord nie geestelike- of selfs formeel-godsdienstige belang nie, maar bloot ŉ vleeslike of biologiese bestaan. Trouens, Swanson (1997: n. Pag.) definieer in Deuteronómium 5:26 as presies dit: ″exist, formally, living, i.e., pertaining to having absolute being as a figurative extension of animate, biological existence”

Lewe, waar dit staan in kontras met dood, is meermale ŉ duidelike voorbeeld van waar die woord uitdrukking gee aan fisiese bestaan. Voorbeelde van hierdie gebruik kan gevind word in Deuteronómium 28:66: “En jou lewe sal voor jou aan ŉ draad hang ... en van jou lewe nie seker wees nie”. Deuteronómium 31:27 en 33:6, waar die lewens van Moses en Ruben onderskeidelik gestel word teenoor dood, is nog voorbeelde hiervan. In Deuteronómium 20:16 word die opdrag gegee om in die stede wat met die banvloek getref moet word, niks wat asem het te laat חיה (lewe) nie.

Nog ŉ goeie voorbeeld hiervan is Deuteronómium 19 se bespreking van die vrystede:

> *“En dit is die saak van hom wat ŉ doodslag begaan het, wat daarheen vlug, dat hy kan lewe: hy wat sy naaste sonder opset doodslaan, terwyl hy hom van gister en eergister af nie vyandig was nie; en hy wat saam met sy naaste in die bos gaan om hout te kap en sy hand swaai met die byl om die boom af te kap, en die yster glip van die steel af en tref sy naaste, sodat hy sterwe — hy moet in een van hierdie stede vlug om in die lewe te bly; sodat die bloedwreker hom wat ŉ doodslag begaan het, nie agtervolg as sy hart verhit is en hom inhaal — omdat die pad lank is — en hom doodslaan nie, terwyl hy die dood nie verdien het nie, omdat hy hom van gister en eergister af nie vyandig was nie”* (Deut. 19:4-6).

Die vrystede se doel was om beskerming te bied teen die bloedwreker van die afgestorwene. Lewe verwys dus hier bloot na oorlewing, om in die lewe te bly, om nie te sterf nie.

ʼn Soortgelyke gebruik van lewe kom voor in Deuteronómium 4:4 en in 4:33:

> *"Maar julle wat getrou gebly het aan die Here julle God, lewe vandag nog almal"* (Deut. 4:4).

> *"Het ʼn volk die stem van sy god uit die vuur uit hoor praat, soos julle die stem van julle God gehoor het, en het hy bly lewe?"* (Deut. 4:33).

Hier spreek die woord ook van lewe teenoor dood, maar wel spesifiek in terme van ʼn bestaan afhanklik van gehoorsaamheid aan die heilige God. Die woord dra dus beslis die gedagte van fisiese lewe, maar hierdie verse stel duidelik dat om steeds in die lewe te bly ná hulle God uit die vuur hoor praat het nie ʼn gegewe is nie. Dít koppel hierdie fisiese lewe aan die trou van die Here wat daaraan besondere teologiese belang verleen. Hierdie verbintenis dien ook as goeie brug tot ʼn volgende gebruik van lewe, naamlik dat lewe afhanklik is van gehoorsaamheid aan die gebooie, verordeninge, insettinge en getuienisse van die Here. Die God van Israel is die enigste lewende God. As sodanig is Hy die Een wat beskik oor en mag het oor lewe en dood (Deut. 32:39).

#### 2.3.2.2. "Lewe" is afhanklik van gehoorsaamheid

In die eenvoudigste verstaan hiervan kan gesien word dat die fisiese lewe behou kan word deur getrou te bly aan die God wat mag het oor die lewe, maar dat ongehoorsaamheid daartoe kan lei dat jy onder jou volk uit verdelg kan word.

> *"LUISTER dan nou, Israel, na die insettinge en die verordeninge wat ek julle leer om te doen, sodat julle mag lewe en inkom en die land wat die Here, die God van julle vaders, aan julle sal gee, in besit mag neem"* (Deut. 4:1).

> *"Julle oë het gesien wat die Here weens Baäl-Peor gedoen het; want al die manne wat agter Baäl-Peor aan geloop het, dié het die Here jou God onder jou uit verdelg"* (Deut. 4:3).

Die gedagte dat die volk se fisiese lewe afhanklik is van gehoorsaamheid aan God is duidelik daaruit dat "lewe" in Deuteronómium in direkte konteks staan met een of meer van die woorde 'insettinge', 'verordeninge', 'gebooie' of 'getuienisse' (Deut. 4:1; 4:4-5; 4:8-10; 4:40; 5:1-2; 5:29-33; 6:1-2, 17, 20, 24, 25; 8:1-3; 12:1; 17:19; 30:8, 10, 15-16).

Christensen (2001:133) wys op die duidelike konsentriese patroon waarin Deuteronómium 5:23-6:3 gegiet is:

A – God spreek tot die volk uit die vuur – Deut. 5:23-24

B – Die volk tot Moses: Wees ons tussenganger – Deut. 5:25-27

C – Die Here spreek: Ek het gehoor wat die volk spreek – Deut. 5:28

D – Sal hulle My vrees en my gebooie onderhou? – Deut. 5:29-30

C – Die Here spreek: Laat Ek jou meedeel wat jy moet leer – Deut. 5:31

B – Moses tot die volk: Doen wat die Here julle beveel het – Deut. 5:32-6:1

A – Dat jy die Here sal vrees en sy bevele sal hou – Deut. 6:2-3

Hierdeur word ŉ duidelike verbintenis gemaak tussen die behoud van lewe en gehoorsaamheid aan God. Dat "lewe" in hierdie voorbeelde in Deuteronómium dui op fisiese lewe is duidelik. Die volk kan fisies in die lewe bly deur fisiese gehoorsaamheid. Om egter nie raak te sien dat die konsep van lewe in Deuteronómium meer behels as nét die fisiese lewe nie, sou beteken dat baie van die teologie van die boek mis gelees word. In Deuteronómium staan die konsep van lewe afhanklik van gehoorsaamheid.

Gehoorsaamheid aan God beteken nie bloot dat die dood vrygespring word daardeur nie. Lewe word aangebied as ŉ logiese gevolg, ŉ uitvloeisel van gehoorsaamheid aan God en as ŉ seën daarop voorgehou. As gehoorsaamheid nodig is vir behoud van lewe sou die volk egter nooit die lewe kon behou nie. Die verlies van die land met die ballingskap sou dan gepaard gegaan het met die verlies van lewe. Daarom is dit belangrik om raak te sien dat bogenoemde konsentriese patroon van Deuteronómium 5:23-6:3 in die konteks staan van die verbondsverhouding van Israel met God soos in 5:2 aangedui. In die sluiting van die verbond met Abraham, waarvan die Mosaïese verbond ŉ verdere fase in die progressiewe openbaring is, het God self verantwoordelikheid geneem ook vir die menslike kant van die verbond deurdat die rokende oond en die vurige fakkel tussen die opgekapte diere deurbeweeg het (Gen. 15:17). Ook 5:6 herinner aan die redding uit Egipte as bewys dat God eers red uit genade en dan gehoorsaamheid eis.

Om te lewe was genade, want om insettinge, verordeninge, gebooie en getuienisse van God te ontvang, om openbaring van die lewende God te ontvang, was genade aangesien geen een van die heidennasies rondom Israel enige openbaring, wet of verwagting van hul gode ontvang het nie. Die volk ontvang dus eerstens die genade van ŉ reddende God, maar moet daarmee saam besef dat die onus op hulle rus om in gehoorsaamheid te lewe as ŉ volk wat lewe onder genade.

Die volk Israel moes vreugde vind in die openbaring van God se wet aan hulle. Goldingay (2003:380) stel dit as volg: "Israel delights in God's statutes, longs for God's precepts, loves God's commands and takes comfort in God's ordinances (Ps. 119:16, 40, 48)". Die wet was

dus nie iets wat teenoor die genade van God gestaan het nie. Dit was gegee ná God reeds sy volk uit slawerny gered het. Dit was ŉ bykomende gawe van God. Block (2005:17, 20) verduidelik met verwysing na Deuteronómium 6:

> "Of course obedience to the Law should not be understood as a way of self-redemption, and "to live" should not be interpreted in a soteriological sense of salvation from sin and the enjoyment of eternal life with God. According to 6:21-23 the divine act of 'salvation' (deliverance from Egypt) was accomplished four decades earlier. What is envisioned is Israel's continued prosperous existence in the land and the fulfillment of the Lord's mission through her".

Hy voeg by:

> "There is no conflict here between Law and grace. The Law was a gracious gift for Israel. It gave them an ever-present reminder of the Lord's deliverance, His power, His covenant faithfulness, and the way of life and prosperity".

Dit moet dus raakgesien word dat die lewe van gehoorsaamheid ŉ godsdiens-karakter het. ŉ Patroon is raak te sien in die verlossingsgeskiedenis daarin dat God die mens skep (Gén. 1:26), lewe aan hom gee (Gén. 2:7) en dan van hom verwag om gehoorsaam te wees (Gén. 2:16-17); God behou sy volk in die lewe (Gén. 6-7) en verwag dan gehoorsaamheid (Gén. 9:1-7); God behou weer sy volk in die lewe (Ex. 11-12) en verwag dan gehoorsaamheid (Ex. 19-20).

Hierdie patroon behels dat God telkens die lewe skenk, of ten minste behou vóór die gehoorsaamheid nog geëis word. Die gehoorsaamheid word verwag in reaksie op die lewe en die lewe word nie bloot die seën op gehoorsaamheid nie, maar ook die motivering daartoe. Gehoorsaamheid moet vir Israel ŉ bewys wees van dankbaarheid en vertroue op die God wat lewe skenk. Gehoorsaamheid is ŉ geloofsdaad, nie bloot ŉ fisiese respons op fisiese stimulus nie.

God vestig hiermee ŉ godsdienstige patroon vir sy volk, ŉ patroon wat Hy steeds sou volg in die Nuwe Testament as regverdiging plaasvind, nie deur die verdienste van die kinders van God nie, maar deur die genade van hul Verlosser wat lewe skenk deur sy eie sterwe en opstanding (Rom. 3:23-24; Joh. 6:33; 14:6). Deuteronómium se gebruik van lewe wys dus op ŉ fisies-biologiese bestaan, maar ook op meer as dit. Om lewe te hê op grond van gehoorsaamheid aan die verordeninge, gebooie, insettinge en getuienisse van die Here bevat ŉ godsdienstige karakter. Gehoorsaamheid is ŉ godsdienstige handeling wat uiterlik uitgeleef moet word, maar uit innerlike motivering.

### 2.3.3. "Lewe" as uitdrukking van geestelike bestaan

Anidjar (2011:719-720) stel dat die Christelike konsep van lewe egter meer as net biologies is: "There is no such thing, then, as a merely biological life". Hy voeg later by "... there is more to life than so-called living". Hy beweer dan egter dat hierdie onderskeid tussen 'biological' en 'spiritual' spruit uit die Christenskap, maar dat dit iets is wat uit die Nuwe Testament spruit en dat die konsep van die heiligheid van lewe dus nie in die Ou Testament te vind is nie (Anidjar, 2011:722).

Brensinger (1997:109-110) sien egter in die profete, en spesifiek in Eségiël die "... religious dimensions ..." en die "... spiritual dimensions ..." van "lewe". Wat Deuteronómium betref sien Tinker (2003:12), in sy bespreking van Deuteronómium 6:1-3, ook duidelik die geestelike aspekte raak:

> "Certainly this is more than physical-biological life, it is the spiritual life of a restored relationship with the one who has made us and for whom we were made and consequently with each other".

Buiten vir die verstaan van "lewe" as biologiese bestaan, kan vir die doel van hierdie studie verder ondersoek ingestel word na ŉ geestelike aspek van die konsep van lewe. Wat hierdie geestelike aspek betref kan ŉ eenvoudige verdere onderskeid gemaak word tussen ŉ godsdienstige aspek, ten minste ŉ formeel-godsdienstige aspek, en spiritualiteit as die geestelike dimensie waarin die laasgenoemde spreek van lewe as konsep ryk in teologie.

Die konsep van lewe in Deuteronómium as ŉ geestelike konsep word duidelik uit die verskeie maniere waarop die woord gebruik word en die kontekste waarin dit staan. So kan gesien word dat baie van dieselfde tekste wat wys op lewe as ŉ biologiese bestaan, ook daarop wys dat lewe nie nét verwys na ŉ biologiese bestaan nie.

#### 2.3.3.1. Geestelike lewe as deel van Israel se verbondsgeskiedenis

Dit is onder andere duidelik in Deuteronómium 4:1 wat sê:

> *"LUISTER dan nou, Israel, na die insettinge en die verordeninge wat ek julle leer om te doen, sodat julle mag lewe en inkom en die land wat die HERE, die God van julle vaders, aan julle sal gee, in besit mag neem".*

Hierdie opdrag is die eerste imperatief na die beskrywing in Deuteronómium 1-3 van die volk se omwandelinge in die woestyn. In Númeri 14 word beskryf hoe God, ná Israel die positiewe boodskap van die verspieders oor die Beloofde Land verwerp en wil terugkeer na Egipte, besluit om die ongelowige geslag in die woestyn te laat uitsterf. In Númeri 20:24 bevestig die Here, ná

nog ’n geval van kleingeloof, dat Aäron nie die nuwe land sal sien nie en in Númeri 27:13-14 word ook bevestig dat Moses die land nie sal binnegaan nie, maar met Aäron en die res van die ongelowige geslag in die woestyn sal uitsterf. Thomas (2012:191) wys daarop dat Moses, as tussenganger tussen God en sy volk, se dood buite die Beloofde Land die konsep van lewe koppel aan gehoorsaamheid en die dood aan ongehoorsaamheid.

Indien in ag geneem word dat die volk Israel in die boek Deuteronómium op die punt staan om die Beloofde Land in te neem, staan die begrip “lewe” in Deuteronómium dus in ’n besondere konteks. Deuteronómium 4:1 is ’n oproep tot gehoorsaamheid aan die insettinge en verordeninge van God. ’n Positiewe reaksie, ’n gehoorsame reaksie op die oproep, sal “lewe” tot gevolg hê in ’n nuwe land vir ’n volgende geslag teenoor ’n vorige, ongehoorsame geslag wat in die woestyn moes uitsterf. Die deurgang deur die Jordaan is ’n Rubicon vir die volk. Daar kan geen terugkeer wees nie! Moses pleit by die volk om te kies om te lewe in Deuteronómium 30:16. Uit hierdie vers is reeds aangetoon hoe Israel se fisiese oorlewing afhang van hul gehoorsaamheid, maar hierdie lewe van gehoorsaamheid wat hulle moet kies behels dan meer as om net te bestaan. Thomas (2012:185) verwys na Deuteronómium 12:7 en 26:11 wat die volk oproep om “vrolik” te wees en argumenteer tereg dat die lewe wat God kan bied tot alle terreine van die lewe strek.

Die sterk fokus van Deuteronómium op die verbond wat God met Israel gesluit het, al was dit met mense wat intussen al uitgesterf het in die woestyn (Deut. 1:35; 2:14-16), word in Deuteronómium 5 verbind met die volk wat op daardie stadium “... in die lewe ...” is:

> *“En Moses het die hele Israel laat roep en vir hulle gesê: Hoor, Israel, die insettinge en die verordeninge wat ek vandag voor julle ore uitspreek; julle moet dit leer en dit sorgvuldig hou. Die Here onse God het by Horeb met ons ’n verbond gesluit. Met ons vaders het die Here hierdie verbond nie gesluit nie, maar met ons self, ons wat hier vandag almal in die lewe is”* (Deut. 5:1-3).

Diegene wat in die lewe is, is deel van die verbond wat God met hul voorouers gemaak het. Die lewe van die Deuteronómium-generasie kan nie losgemaak word van hierdie feit nie. House (1998:176) skryf oor hierdie teks:

> “The people must understand that the Sinai covenant, which he now interprets, was made with them (5:2-3). It was a permanent, “once-for-all establishment of the covenant in history””.

Weinfeld (1991:238) verwys na Deuteronómium 1:26; 1:30; 29:1 en 29:15 en skryf:

> “Israel throughout its generations is thus presented in Deuteronomy as one body, a corporate personality”.

As dít die geval is, word die lewe van die generasie wat hierdie rede aanhoor in Moab verbind aan die beloftes van ’n groot nageslag in Génesis met die sluiting van die verbond met Abraham, met die uittog uit Egipte (vgl. ook Deut. 16:3), waar die eersgeborenes deur die pasgalam vrygekoop is, en met Moses en die woestyngenerasie wat hul lewens in die woestyn verloor het weens hul ongehoorsaamheid. Daar kan dan geen twyfel wees dat die “lewe” in Deuteronómium verbind is aan hul verhouding met die God van die verbond en dat dit daarom ongetwyfeld ook geestelik van aard is nie.

#### 2.3.3.2. Eksplisiete verwysings na “lewe” as geestelike konsep

Deuteronómium 8:3 bied ook ’n duidelike aanduiding dat “lewe” in Deuteronómium gelaaide teologiese betekenis het:

> *“En Hy het jou verootmoedig en jou laat honger ly en jou die manna laat eet wat jy en jou vaders nie geken het nie, om aan jou bekend te maak dat die mens nie van brood alleen lewe nie, maar dat die mens lewe van alles wat uit die mond van die Here uitgaan”.*

God verwag nie net van Israel om te oorleef in die Beloofde Land nie. Hy verwag van hulle om te lewe, en om te lewe behels meer as om die liggaam te voed. Om te lewe in hierdie konteks in Deuteronómium behels ook voeding van die siel met die alles wat uit die mond van die Here kom. Dit spreek dus van ’n geestelike aspek. Wright (1996:123) sê oor hierdie vers:

> “All life on earth needs bread (or its equivalent); Human life needs the mouth of God that first breathed into our nostrils. For while bread will keep us physically alive, it is the word of God that uniquely gives human life its meaning, shape, purpose and value”.

Die lewe wat God van Israel verlang is nie ’n lewe waarin die vlees van die gees geskei moet word nie, dit is nie ’n lewe waarin die onderhouding van die wet los staan van die oortuiging van die hart nie en dit is nie ’n lewe waarin die formele aspekte van die godsdiens afsonderlik staan van die geestelike aspekte daarvan nie. Vogt (2003:337-238) argumenteer dat ’n fokus op sentralisering in Deuteronómium effektief neerkom op ’n sentralisering van die offerkultus, maar dat ter selfde tyd ’n uitbreiding van die konsep van heiligheid in die boek plaasvind wat beteken dat alle aspekte van die lewe voor God van godsdienstige belang is.

Lewe is nie net ’n uitdrukking van ’n fisiese of biologiese bestaan nie, maar ook van ’n geestelike bestaan, ’n gedagte wat ook duidelik word uit Deuteronómium 10:16:

> *“Besny dan die voorhuid van julle hart en verhard julle nek nie verder nie”.*

Asook in Deuteronómium 30:6:

> *“En die Here jou God sal jou hart besny en die hart van jou nageslag, om die Here jou God lief te hê met jou hele hart en met jou hele siel, dat jy kan lewe”.*

Wie uitgaan van die veronderstelling, soos by die ondernemer van hierdie studie die geval is, dat die Bybel ŉ eenheid is wat die verloop van die verlossingsgeskiedenis beskryf, kan nie anders as om die soortgelyke taal in die Nuwe Testament raak te sien nie. Thompson (2008:166), in sy kommentaar op Deuteronómium 10:16, wys op Paulus se verwysing na die ware besnydenis as ŉ aanbidding van God in Gees in Filippense 3:3 en Romeine 2:25-29. In Deuteronómium 30:6 se soortgelyke stelling word die besnydenis van die hart gekoppel aan ŉ liefde vir God met “... jou hele hart en met jou hele siel ...”, wat nog ŉ aanduiding is van “lewe” in Deuteronómium as ŉ geestelike konsep.

Die geestelike karakter van die begrip “lewe” in Deuteronómium kan in besonder gesien word in twee ander konsepte wat herhaaldelik voorkom saam met die konsep van lewe in Deuteronómium, naamlik die idee van ŉ verlengde lewe en die idee dat lewe ŉ bepaalde kwaliteit van lewe behels.

#### 2.3.3.3. Verlengde “lewe” as geestelike konsep

Die konsep van lewe word in Deuteronómium telkens gekoppel aan ŉ lang lewe. Uitdrukkings soos: “... en julle dae kan verleng ...” in Deuteronómium 5:33 word ook gebruik in 6:2 en 32:47. In Deuteronómium 4:26 word die teenpool gestel dat as die volk doen wat verkeerd is in die oë van die Here om Hom te terg, hulle die dae in die Beloofde Land nie sal verleng nie.

In Deuteronómium 5:33 kan die volk, deur gehoorsaamheid, nie net lewe nie, maar ook hul dae verleng. Soortgelyke beloftes kom voor in Deuteronómium 6:2 en 17:19. Hier word duidelik nie bloot gestel dat ŉ persoon, of volk, wat die uitdelging van Deuteronómium 4:3 vrygespring het deur hul huidige gehoorsaamheid aan God, ŉ beter kans het om langer te lewe nie. Die konteks en die tyd waarin hierdie woorde geskryf is, en deur Moses gespreek is, wys op meer as dit. Wat ook al die moderne gesindheid ten opsigte van lewensduur mag wees, was ŉ lang lewe en in besonder die verlenging van lewe in die Antieke Nabye Ooste beskou as ŉ seën. Die voorkoms van dieselfde frase in Exodus 20:12 en Efésiërs 6:2 se verwysing daarna as die eerste wet met ŉ belofte is ŉ goeie bewys hiervan.

Fretheim (2003:193) beskryf die verlenging van lewe as ŉ motivering tot gehoorsaamheid aan die wet en stel: “The concern of the law is not to bind Israel to some arbitrary set of laws but to enable them to experience the fullness of life in relationship.”

Hierdie “fullness of life in relationship” verwys na Israel se verhouding met God. Die implikasie daarvan is dat lewe vir Israel kom vanuit hul verbintenis aan die lewende God (vgl. Deut. 5:26 en 32:40), ŉ punt wat Thomas (2012:178-179) ook maak. God is lewe en om in verhouding met Hom te wees is om geestelik te lewe. Om ŉ verlengde lewe in verhouding met God te hê beteken ŉ verlenging van die geestelike lewe. As Deuteronómium 30:16 dan seën belowe, word ongetwyfeld daarmee ŉ geestelike karakter ook gekoppel aan die verlengde lewe van ŉ gehoorsame Israel.

#### 2.3.3.4. Kwaliteit van “lewe” as geestelike konsep

In Deuteronómium word die gevolg van gehoorsaamheid nie bloot beskryf as die voortsetting van die fisiese bestaan nie, maar as ŉ goeie lewe (Deut. 6:18,24) in ŉ goeie land (Deut.6:18) wat oorloop van melk en heuning (Deut. 6:3). Wat hier beskryf word, is nie ŉ volk wat sal oorleef nie, maar ŉ volk wat sal floreer. Hamilton (2010:127) beskryf die oproep tot Israel as volg: “Israel is called to love Yahweh (Deut.11:1), consider what He did in Egypt (11:2-7), and obey the good law in the good land that they might enjoy the good life (11:8-15)”.

Millar (1998:181) wys ook op die feit dat die lewe in die Beloofde Land te doen het daarmee dat die volk van die opbrengs van die land sal geniet: “The theology of the land translates into a determination to ensure that everyone can enjoy the produce of Canaan, and to maintain justice in every sphere of life ...”.

Lewe word dus in Deuteronómium gekoppel aan ŉ bepaalde kwaliteit van lewe. Weinfeld (1972:307, 308), in sy bespreking van die konsep van lewe in Deuteronómium, vergelyk dit met die gebruik in wysheidsliteratuur en stel dit eenvoudig: “‘Life’ here denotes ‘happiness’, that is to say, life in its fullest sense”. Hy staaf hierdie stelling deur te wys op die Deuteronómiese gebruik van die woord:

> “The Deuteronomic use of the term in the sense of happiness is not an innovation but a continuation of the older sapiential usage of the word. The addition of the word ‘good’ indicates the sense in which ‘life’ is employed in the book of Deuteronomy: it is the ‘good life’, i.e. a full life, in brief-a happy life” (Weinfeld, 1972:308).

Dieselfde sentiment word geëggo deur Fretheim (2003:190):

> “As Deuteronomy never tires of telling readers, the law is given for the sake of the best life possible; the law stands in the service of a stable, flourishing, and life-enhancing *community ...*” (beklemtoning syne).

Al bogenoemde verwysings dui op die doelbewuste uitbeelding van die land as ŉ bron van oorvloed. Daar kan selfs ŉ argument gemaak word vir daarvoor dat die oorvloed en vrugbaarheid van die land dien as een van ŉ reeks subtiele aanduidings dat ŉ herstel van die paradystoestand voor die sondeval iewers in die toekoms deur God bewerk sal word. (Vergelyk Eksodus 25 se amandelblommotief van die kandelaar, die granaatjies aan die soom van kleed van die hoëpriester in Eksodus 28, die plant en diermotiewe van die tempel in 1 Konings 7 en die profesie van Jesaja 11.)

Die argument is reeds gemaak vir “lewe” uitvloeisel van of seën op gehoorsaamheid aan die wet van die Here. Die lewe wat die gehoorsames ontvang is egter meer as bloot oorlewing. Dillard & Longman (2006:117-118) argumenteer dat die gehoorsaamheid aan die gebooie van die Here nie net aan Israel die Beloofde Land besorg en hulle in staat stel om dit te behou nie, maar dat dit ook lei tot “... prosperity and well-being ...”.

God se beleid ten opsigte van volke verskil van sy beleid ten opsigte van individue. Individuele gehoorsaamheid lei nie altyd tot fisiese voorspoed van die individu nie, terwyl die korporatiewe gehoorsaamheid van ŉ stad se mense of ŉ volk dikwels guns uit God se hand tot gevolg het. Job was ŉ regverdige man (Job 1:1, 22; 42:7) maar het in ŉ kort termyn baie gely, terwyl ŉ korporatiewe bekering van Ninevé tot onmiddellike afstel van die oordeel tot gevolg gehad het (Jona 3:10). Hill & Walton (2009:538-539) bespreek hierdie onderskeid ook breedvoerig.

God se manier van handel met volke word ook duidelik uit Deuteronómium 28-29. Dit sou maklik wees om hierdie seën en vloekformules af te maak as ŉ standaard onderdeel van die Hetitiese verdrae waarvan Deuteronómium die vorm navolg. Die verskil tussen Deuteronómium en ander verdrae in die Antieke Midde-Ooste is egter dat, die verdrag wat hier ter sprake is Israel se verbond met God is. Kline (1963:124-132) en Tigay (1996:257) – wat beide deeglik rekening hou met die verdrag formaat van Deuteronómium – wys juis hierop. Die konteks van hierdie formules is dat die voorspoed en beloftes nie net ŉ beloning op gehoorsaamheid aan ŉ vasal-koning is nie, maar guns en seën uit die hand van die lewende God waarmee hulle in verbond staan. Die feit dat dit hier gaan oor die volk se verhouding met God maak hiervan nie bloot ŉ politieke of selfs sosiale saak nie, maar ŉ godsdienstige en geestelike saak. ŉ Goeie lewe, voorspoed en guns is nie net goedheid, voorspoed en guns nie, dit is seën.

Deuteronómium 30:15-19 maak bogenoemde stelling duidelik:

> *“Kyk, ek het jou vandag voorgehou die lewe en die geluk, en die dood en die ongeluk. Wat ek jou vandag beveel, is om die Here jou God lief te hê, in sy weë te wandel en sy gebooie en sy*

*insettinge en sy verordeninge te hou, sodat jy kan lewe en vermenigvuldig en die Here jou God jou mag seën in die land waarheen jy gaan om dit in besit te neem. Maar as jou hart hom afwend en jy nie luister nie en jy jou laat verlei, sodat jy jou voor ander gode neerbuig en hulle dien, dan verkondig ek julle vandag dat julle sekerlik sal omkom; julle sal die dae nie verleng in die land waarheen jy oor die Jordaan trek om dit in besit te gaan neem nie. Ek neem vandag die hemel en die aarde as getuies teen julle; die lewe en die dood, die seën en die vloek het ek jou voorgehou. Kies dan die lewe, dat jy kan lewe, jy en jou nageslag ..."* (Deut.30:15-19).

Hier word liefde vir God en gehoorsaamheid verbind aan lewe, geluk en seën. Die teenpool is ŉ afwend van die hart van God af, ongehoorsaamheid, afgodery en dood. Die lewe staan teenoor die dood en die seën teenoor die vloek, die goeie teenoor die bose. Hierdie keuse is ŉ geestelike keuse.

Dit verduidelik ook hoekom gehoorsaamheid nie bloot oor fisiese oorlewing of formele godsdienstige aspekte gaan nie. Dit verduidelik Deuteronómium 30:6[9] se besnydenis van die hart en Deuteronómium 8:3 se stelling dat die mens nie net van brood alleen lewe nie, maar van elke woord wat uit die mond van die lewende God kom. Die Tora voorsien die eerste stap tot aanbidding van die lewende God, JHWH, en tot ŉ veilige en voorspoedige lewe (Vogt, 2003:241).

Israel se verbintenis aan God was hul lewe (Deut. 30:20). Dit was ŉ goeie lewe, ŉ geestelike lewe. Die kwaliteit van lewe van Israel in Deuteronómium is ŉ geestelike konsep.

## 2.4. Gevolgtrekking

Die konsep van lewe in Deuteronómium vertoon al die eienskappe wat aan reeds erkende teologiese temas hul gesag verleen. Op grond van die assessering van die konsep van lewe volgens die geïdentifiseerde kenmerke van teologiese temas kan sonder twyfel gestel word dat "lewe" ŉ geldige teologiese tema in Deuteronómium is. Verder is aangetoon dat lewe besondere teologiese betekenis in Deuteronómium dra, dat dit wel verwys na ŉ fisiese, biologiese bestaan (naamlik oorlewing), maar dat dit beslis ook formeel-godsdienstige aspekte en ook ŉ geestelike dimensie dra. Die geestelike aspekte van "lewe" in Deuteronómium kan duidelik gesien word in die feit dat dit in Deuteronómium herhaaldelik gekoppel word aan ŉ verlenging van lewe en kwaliteit van lewe.

---

[9] Swanson (1997) verklaar die gebruik van die vorm חַי in die semantiese veld waarin dit hier voorkom as "to have a prosperous, bountiful, blessed favourable circumstance in life"

Uit die verstaan van “lewe” in Deuteronómium as ŉ geestelike konsep vloei veral twee ander teologies gelaaide konsepte voort wat verdere ondersoek vereis. Dit is die koppeling tussen die konsep “lewe” en die konsepte van die Beloofde Land en ŉ toekomsverwagting in Deuteronómium.

# HOOFSTUK 3: DIE BEGRIP “LEWE” IN DEUTERONÓMIUM MET BETREKKING TOT DIE BELOOFDE LAND

## 3.1. Inleiding

In Hoofstuk 1 van hierdie studie is reeds verwys na die verspreiding van die konsep lewe in die boek Deuteronómium. In hierdie verspreiding is duidelik aangetoon hoe lewe as fisiese en geestelike bestaan telkens verbind word met die Beloofde Land en met ŉ toekomsverwagting. Hierdie gebruik is uiteengesit in Tabel 1.2 wat hieronder as Tabel 3.1 herhaal word.

| Die betekenis van “lewe”*:* | | “lewe” met betrekking tot die Beloofde Land | “lewe” met betrekking tot ŉ toekomsverwagting |
|---|---|---|---|
| as fisiese bestaan (teenoor dood en as seën op gehoorsaamheid) | as geestelike bestaan (in kwaliteit en lengte van lewe) | | |
| Deut. 4:1, 4, 7, 10, 33, 42; 5:3, 24; 6:24; 8:1; 12:1; 16:3, 20; 17:19; 19:4-5; 20:16, 28, 66; 31:13, 27; 33:6 | Deut. 5:33; 6:2, 24; 8:3; 17:19; 30:6, 15-16, 19-20; 32:39, 47 | Deut. 4:1; 5:33; 6:1-2, 23-24; 8:1; 12:1; 16:20; 30:5-6, 16, 20; 31:13; 32:47 | Deut. 4:9,10; 5:33; 6:2, 24; 8:1; 17:19; 30:6, 16 |

*Tabel 3.1: Die voorkoms van die verskillende vorme van die stam חיה in die boek Deuteronómium (Markl 2014:72) (Herhaal uit hoofstuk 1).*

In hierdie hoofstuk word die saak gestel vir die derde kolom: dat die konsep van lewe in Deuteronómium betrekking het op die Beloofde Land. Die verwysings wat hier van belang is, kan verder as volg uiteengesit word in Tabel 3.2:

| Fisiese lewe in verband met die Beloofde Land | Geestelike lewe in verband met die Beloofde Land... | | |
|---|---|---|---|
| | ...deur verwysing na die verbond | ...deur verwysing na ŉ kwaliteit van lewe | ...deur verwysing na ŉ verlengde lewe |
| Deut. 4:1; 8:1; 17:19; 30:16 | Deut. 6:23-24; 8:1; 30:16-19 | Deut. 6:1-3; 30:16, 19-20 | Deut. 5:33; 6:1-2; 30:11-20 |

*Tabel 3.2: Verskillende gebruike van “lewe” soos dit verbind word met die begrip Beloofde Land in Deuteronómium.*

In hierdie hoofstuk word ondersoek ingestel na hoe die begrip Beloofde Land as meelopende tema met die konsep van lewe in Deuteronómium voorkom, hoe die konsep van ŉ fisiese lewe met die Beloofde Land verbind word en hoe die konsep van ŉ geestelike lewe met die Beloofde Land verbind word. Die verbintenis van die geestelike lewe met die Beloofde Land word ondersoek aan die hand van die verbond, ŉ kwaliteit van lewe en ŉ verlengde lewe.

Aangesien die konsep van lewe so dikwels in die teks aan die Beloofde Land verbind word, kan ŉ studie van die betekenis van die begrip “lewe” in Deuteronómium nie losgemaak word van die Beloofde Land nie.

### 3.2. Die verbintenis tussen die Beloofde Land en “lewe” as meelopende temas in die teks van Deuteronómium

Kaiser (2008:93) wys daarop dat die belofte dat Israel die land in besit sal neem of dat die land aan hulle gegee sal word 69 keer in Deuteronómium herhaal word. Hierdie prominente tema in Deuteronómium word egter ook gereeld verbind met die begrip “lewe” in Deuteronómium. Dikwels is hierdie verbintenisse tussen lewe en land in Deuteronómium eksplisiete, direkte verbintenisse. Buiten vir die direkte verbintenisse word egter veel meer tekste wat oor “lewe” spreek ook kontekstueel implisiet aan die inname van die land verbind. Met kontekstueel word hier verwys na waar van lewe gespreek word en die konsep staan in die breër verband van ŉ narratief wat verband hou met die inname of behoud van die Beloofde Land. In Tabel 3.3 hieronder word hierdie verbintenisse tussen “lewe” en die Beloofde Land uitgewys.

| Tekste wat verwys na lewe (חיה) in Deuteronómium (uitgesluit die verwysing in 7:22 waar dit na ongediertes verwys) | Verband van hierdie tekste met die Beloofde Land (direk of kontekstueel) |
|---|---|
| 4:1 | 4:1 – Direk |
| 4:4 | 4:1, 5 – Kontekstueel |
| 4:9 | 4:1, 5 – Kontekstueel |
| 4:10 | 4:1, 5 – Kontekstueel |
| 4:33 | 4:37-38, 40 – Kontekstueel |
| 4:42 | |

| | |
|---|---|
| 5:3 | |
| 5:24 | 5:31-33 – Kontekstueel |
| 5:26 (2x) | 5:31-33 – Kontekstueel |
| 5:33 | 5:33 – Direk |
| 6:2 | 6:1,3 – Kontekstueel |
| 6:24 | 6:18, 21-23 – Kontekstueel |
| 8:1 | 8:1,7ev – Direk |
| 8:3 (2x) | 8:1,7ev – Kontekstueel |
| 12:1 | 12:1 – Direk |
| 16:3 | 16:3, 5-6,11-12,15 – Kontekstueel |
| 16:20 | 16:20 – Direk |
| 17:19 | |
| 19:4 | |
| 19:5 | |
| 20:16 | 20:16 – Direk |
| 28:66 (2x) | 28:11, 21, 63 – Kontekstueel |
| 30:6 | 30:5.15-16, 20 – Kontekstueel |
| 30:15 | 30:15 – Direk |
| 30:16 | 30:16 – Direk |
| 30:19 (3x) | 30:5.15-16, 20 – Kontekstueel |
| 30:20 | 30:20 – Direk |

| | |
|---|---|
| 31:13 | 31:13 – Direk |
| 31:27 | |
| 32:39 | 32:46-47 – Kontekstueel |
| 32:40 | 32:46-47 – Kontekstueel |
| 32:47 | 32:47 – Direk |
| 33:6 | |

*Tabel 3.3: Die koppeling van “lewe” en die Beloofde Land in Deuteronómium.*

Onder Punt 2.2.2.4 in Hoofstuk 2 is bespreek hoe, volgens die omskrywing van ŉ tema deur Shultz (1997:197), teologiese temas dikwels voorkom in tema-pare wat herhaaldelik saam voorkom. In Tabel 3.3 hierbo kan duidelik gesien word dat dit inderdaad waar is van die temas van die Beloofde Land en die konsep van lewe in Deuteronómium.

Dit is egter nie bloot in geïsoleerde tekste in Deuteronómium wat die verbintenis duidelik is nie. “Lewe” en die Beloofde Land is samelopende temas in die teologie van die boek. Enkele van die verbintenisse in bogenoemde tabel word vervolgens uitgewys.

Deuteronómium 30:1-5 se beskrywing van Israel se herstel uit ballingskap spreek boekdele oor die belang van die land in die teologie van lewe in Deuteronómium:

> *“EN as al hierdie dinge oor jou kom, die seën en die vloek wat ek jou voorgehou het, en jy dit ter harte neem onder al die nasies waarheen die Here jou God jou verdryf het, en jy jou tot die Here jou God bekeer en na sy stem luister net soos ek jou vandag beveel, jy en jou kinders, met jou hele hart en met jou hele siel, dan sal die Here jou God jou lot verander en Hom oor jou ontferm; en Hy sal jou weer versamel uit al die volke waarheen die Here jou God jou verstrooi het. Al was jou verstrooides aan die einde van die hemel, daarvandaan sal die Here jou God jou versamel, en daarvandaan sal Hy jou gaan haal. En die Here jou God sal jou bring in die land wat jou vaders in besit geneem het, en jy sal dit in besit neem; en Hy sal aan jou goed doen en jou vermenigvuldig meer as jou vaders”* (Deut. 30:1-5).

Deur die belofte van seën en die waarskuwing van vloek word die volk as ontvangers van die Beloofde Land direk verbind aan God as die gewer daarvan. Die verwydering uit die land deur die ballingskap is hier vir die volk die bewys dat die vloeke van die Here oor hulle gekom het. Die terugkeer na die land is die bewys van die seën van die Here wat Hom oor sy volk ontferm het.

Vir Thomas (2012:180-181) was Israel se teenwoordigheid in die Beloofde Land ŉ simbool van hul lewe:

> "Although not explicitly connected to the teaching given in Deuteronomy 30, God's restoration of his people back *into* the land after their exile is akin to God bringing his dead people back to life, restoring them to their place of thriving before God" (beklemtoning syne).

Vir die volk om die land van God te ontvang is om lewe van Hom te ontvang. In hierdie opsig is die inname van die land as meeloper van die lewe van die volk wat daarin moes woon ŉ onontbeerlike brandpunt in die teologie van Deuteronómium.

### 3.3. Die verbintenis tussen die Beloofde Land en die fisiese "lewe" van Israel in Deuteronómium

In Hoofstuk 2 is reeds verwys dat חיה in Deuteronómium dikwels verwys na blote bestaan, hetsy fisies-biologiese bestaan of op lewe as seën op gehoorsaamheid aan God (Punt 2.3.2). Hierdie fisiese bestaan word egter telkens direk verbind aan die Beloofde Land. Die fisiese bestaan van die volk is bestem tot diens aan God in die ruimte wat Hy verskaf het, naamlik die Beloofde Land.

Deuteronómium 4:21-22 verwys na die sterwe van Moses. Die verwysing is na die einde van sy fisiese aardse bestaan, maar word steeds gekoppel aan die Beloofde Land. Die kontras wat hierdeur gestel word is nie bloot tussen Moses se sterwe terwyl die volk sal voortlewe nie, maar spesifiek ook tussen dat hy nie die land sal betree nie maar die volk wel. Deuteronómium 4:33 noem dat die volk in die lewe gebly het ten spyte daarvan dat hulle die stem van God uit die vuur hoor spreek het. Hierdie vers verwys ongetwyfeld ook na lewe as die fisies-biologiese bestaan van die volk. In Deuteronómium 4:38 en 4:40 is die uiteinde van hierdie voortbestaan dat die volk in die Beloofde Land ingebring word.

Israel se lewe as seën op gehoorsaamheid word ook spesifiek voorgehou, nie bloot as lewe nie, maar as ŉ lewe in die Beloofde Land (Deut. 4:1-5). Ook dít is duidelik uit die verspreiding, regdeur die boek Deuteronómium, van die gebruik om lewe as seën op gehoorsaamheid te koppel aan die Beloofde Land deur verwysing na verkryging, of na die behoud van die land (Deut. 4:1, 5, 14, 40; 5:16, 31-33; 6:1-3, 18, 23-24; 8:1; 11:8-9; 12:1; 15:11; 16:20; 17:19; 18:9; 25:15; 30:6,16; 31:13; 32:46-47).

Deuteronómium 4:1-5 kontrasteer die feit dat die seën op gehoorsaamheid nie bloot die lewe is nie, maar ook om die land in besit te neem, met Deuteronómium 4:25-26 wat stel dat verderflike handel van die volk deur afgodery sal lei tot verdelging *uit die land.* Saamgelees met Deuteronómium 4:3, waar bloot gestel word dat afgodery lei tot die verdelging van elke persoon

wat hom daaraan skuldig maak, is die vraag dan waarom vers 26 spesifiek byvoeg dat hulle verdelg sal word en sal vergaan *uit die land.* Hier word die land dus deel gemaak van die lewe as seën op gehoorsaamheid.

Dieselfde gedagte word duidelik uit Deuteronómium 8:1; 16:20; 28:63 en 30:16-18. In Deuteronómium 8 word die volk herinner aan hoe die Here hulle onderhou het op die hele pad van Egipte af (vers 2), hulle word herinner aan die manna (vers 3) en dat hulle klere nie verslyt en hulle voete nie geswel het nie (vers 4). Die oproep van vers 1 staan in hierdie konteks van verlossing uit Egipte en getroue versorging in die woestyn en roep om gehoorsaamheid sodat die lewe ook in die toekoms behou kan word in die Beloofde Land.

In Deuteronómium 16:20 word die vereiste gestel vir die werking van die regstelsel wat moet geld wanneer die volk die Beloofde Land betree. Dit is opmerklik dat vers 18 beveel dat regters en opsigters aangestel moet word in die land wat die volk nog moet betree, met ander woorde, dat geregtigheid vereis word van die volk wat reeds die land ontvang het terwyl vers 20 geregtigheid vereis as voorwaarde om die land te kan betree. Hierdie verse wys daarop dat die inname van die land wel ŉ seën op gehoorsaamheid is, maar dat daardie gehoorsaamheid voortgesit moet word as ŉ dankbare reaksie op die genade van God tot behoud van die lewe en die land wat aan hulle gegee is.

In die geval van Deuteronómium 28:63 word die dreigement van verdelging weer spesifiek toegelig met die belofte dat die volk uitgeruk sal word uit die land:

> *"En soos die Here oor julle bly was om aan julle goed te doen en julle te vermenigvuldig, so sal die Here oor julle bly wees om julle tot niet te maak en julle te verdelg; en julle sal uitgeruk word uit die land waarheen jy gaan om dit in besit te neem"* (Deut. 28:63).

Die waarskuwing vorm deel van ŉ lang uitgebreide vloek wat die volk sal tref as hulle ongehoorsaam is aan die verbond. Verdelging beteken uiteraard ook verwydering uit die land, maar die feit dat hierdie voor die hand liggende feit pertinent hier bygevoeg word verbind die twee begrippe duidelik aan mekaar.

Ook Deuteronómium 30:16-18 stel die kontras van lewe en inname van die land in gehoorsaamheid teenoor die dood en die verlies aan die land in ongehoorsaamheid:

> *"Wat ek jou vandag beveel, is om die HERE jou God lief te hê, in sy weë te wandel en sy gebooie en sy insettinge en sy verordeninge te hou, sodat jy kan lewe en vermenigvuldig en die HERE jou God jou mag seën in die land waarheen jy gaan om dit in besit te neem. Maar as jou hart hom afwend en jy nie luister nie en jy jou laat verlei, sodat jy jou voor ander gode*

> *neerbuig en hulle dien, dan verkondig ek julle vandag dat julle sekerlik sal omkom; julle sal die dae nie verleng in die land waarheen jy oor die Jordaan trek om dit in besit te gaan neem nie"* (Deut. 30:16-18).

Daar is reeds op gewys dat hierdie gedagte dus voorkom in Deuteronómium 4:1-5, 25-26; 28:63 en nou weer in Deuteronómium 30:16-18. Dit plaas die verbintenis van die fisiese lewe aan die Beloofde Land aan die einde van die eerste, tweede en derde redes van Moses in Deuteronómium (Coetsee 2019:104) en toon daardeur hoe belangrike aspek dit is van die teologie van Deuteronómium.

Die verbintenis tussen die Beloofde Land en die fisiese lewe van Israel in Deuteronómium kan duidelik gesien word, maar dit beteken nie dat die verbintenis bloot met die fisiese bestaan te doen het nie. In die volgende afdeling word dus gewys op die verbintenis tussen die Beloofde Land en die geestelike lewe van Israel.

### 3.4. Die verbintenis van die Beloofde Land en die geestelike "lewe" van Israel in Deuteronómium

In Deuteronómium is daar ook ŉ duidelike verbintenis tussen die Beloofde Land en die geestelike lewe van Israel. Hierdie geestelike verbintenis kan veral gesien word in die konteks van die vebondsgeskiedenis van Israel, die herhaalde verwysings na die kwaliteit van lewe van Israel in die land en die herhaalde verwysings na ŉ verlengde lewe in die land.

#### 3.4.1. Die land en lewe as deel van die verbondsgeskiedenis van Israel

Die klem op die vernuwing van die verbond in Deuteronómium is onmiskenbaar (Block, 2012:707). Die verwysings na die verbond is ook nie net na die Mosaïese verbond nie (vgl. Deut. 5:2-3; 4:13; 29:1). Die vernuwing van die verbond wat bespreek word in Deuteronómium 29:13 voer die verbond terug na Abraham, Isak en Jakob. Die beloftes aan Abraham in Génesis 12, 15 en 17 kom telkens in Deuteronómium na vore in verwysings na die land, nageslag en seën wat hieronder bespreek sal word.

Kaiser (2008:91) gaan selfs verder en maak die argument dat Deuteronómium en Josua die Abrahamities-Dawidiese verbondstradisie verbind aan die Sinaïties-Mosaïese verbond.

ŉ Goeie voorbeeld hiervan word uitgewys deur Thomas (2012:180) met verwysing na die vermenigvuldiging van Israel:

> "Further, this gift of 'multiplication' is such that their number might be compared to the number of the 'stars of heaven' (Deut. 1:9-10; 10:22), a phrase that resonates with Yhwh's promise to

> the patriarchs in Genesis 15:5; 22:17 and 26:4 and draws the Pentateuchal narrative closely together – from the primeval history, to the patriarchal stories, to the story of Israel".

McConville (2006:78) merk op:

> "The covenant with Abraham comes to maturity in Deuteronomy, the descendants of the patriarch having endured its lengthy servitude and seen God's judgement on its tyrannous overlords (Gen. 15:13-16). And the creative purpose is now embraced within the Mosaic covenant, which offers the means by which humanity/Israel may enjoy the paradisal blessings".

Die herhaalde gebruik van die frase 'aan jou/julle vaders met 'n eed beloof' (Deut. 1:8, 35; 6:10, 18, 23; 7:13; 8:1; 10:11; 11:9, 21; 13:17; 19:8; 26:3, 15; 28:11; 30:20; 31:7, 20-23; 34:4) ten opsigte van die Beloofde Land koppel die vervulling van verbondsbeloftes spesifiek aan die Beloofde Land.

Deuteronómium 6 se fokus op die opkomende geslagte wat moet leer van die insettinge wat aan vorige geslagte voorgehou is, is sentraal aan die verbondsteologie van Deuteronómium. In hierdie konteks staan Deuteronómium 6:23-24:

> *"En Hy het ons daarvandaan uitgelei om ons in te bring, sodat Hy ons die land kan gee wat Hy aan ons vaders met 'n eed beloof het. En die Here het ons beveel om al hierdie insettinge te volbring, om die Here onse God te vrees, dat dit met ons altyd goed mag gaan, om ons in die lewe te hou soos dit vandag is"* (Deut. 6:23-24).

Die herinneringe aan die verloop van die geskiedenis wat aan die volk gegee word verbind hulle ook aan vorige geslagte en aan die beloftes van die verbond wat aan daardie vorige geslagte gemaak is. Hiervan is Deuteronómium 8:1, wat juis hierdie geskiedenis aan die volk voorhou, 'n duidelike voorbeeld:

> *"AL die gebooie wat ek jou vandag beveel, moet julle sorgvuldig hou, dat julle mag lewe en vermenigvuldig, en dat julle mag inkom en die land in besit neem wat die Here aan julle vaders met 'n eed beloof het"* (Deut. 8:1).

Die verwysing na die gewer van die land as 'die God van jou vaders' (Deut. 1:21; 4:1; 6:3; 12:1; 27:3) bevestig ook die gedagte van verbondenheid aan vorige geslagte. Deuteronómium 4:1 en 12:1 verbind die Beloofde Land aan die 'God van jou vaders' al is dit die geslag wat aangespreek word wat dit sal betree:

> *“LUISTER dan nou, Israel, na die insettinge en die verordeninge wat ek julle leer om te doen, sodat julle mag lewe en inkom en die land wat die Here, die God van julle vaders, aan julle sal gee, in besit mag neem”* (Deut. 4:1).

> *“DIT is die insettinge en die verordeninge wat julle sorgvuldig moet hou in die land wat die Here, die God van jou vaders, jou gegee het om dit in besit te neem al die dae wat julle op die aarde lewe”* (Deut. 12:1).

In elkeen van die aangehaalde tekste hierbo word die gedagte van die verbond verbind aan die land. In elkeen van die aangehaalde tekste hierbo word land en verbond egter nie net aan mekaar verbind nie, maar ook aan die lewe van Israel.

Martin (2015:84) maak in sy bespreking van die Beloofde Land as geskenk van God aan Israel hiervan melding. Die verband tussen land en lewe is gewortel in die verbond wat God met Abraham sluit (Deut. 30:19), maar dit word bevestig in die verlossing deur die uittog uit Egipte wat in Deuteronómium 9:25 self ’n verbond genoem word. Verder word 40 keer in Deuteronómium terugverwys na Egipte. Die kontras word hierdeur duidelik gestel tussen die verlede van die ou generasie en die verwagting van ’n nuwe generasie wat vernuwe is in die verbond. Hierdie vernuwing moet uitgeleef word in ’n nuwe land.

Tinker (2003:12) skryf:

> “So ‘life’ in all its fullness, we might say, is experienced in covenant relationship with God and his people. This also explains why the promised land in later Judaism is referred to as ‘the land of life’...Those inside the land are in the ‘land of the living’, those outside are in the ‘land of the dead’ - which would explain the phrase in Isaiah 53:8, that the Lord’s servant would be cut off from ‘the land of the living’. For Israel, then, ‘life’ was understood as both land and a way of life and both are dependent on the covenant with God. The former was his promise to the people, the latter the response of the people to the promise”.

Die land is dus deel van die beloftes van die verbond (Goldsworthy 2012:53; Robertson 1980:30), en die verbondsverbintenis van land en lewe stel die saak in die sentrum van die geestelike lewe van Israel.

Lenchak (1993:240) som dit goed op: “Thus the land plays an important role in the covenant relationship with Yahweh, in Israel’s theology...”.

### 3.4.2. Die land en kwaliteit van lewe

Daar is reeds in Hoofstuk 2 (sien Punt 2.3.3.4 hierbo) uitgebrei op die belang van die kwaliteit van lewe wat in die boek Deuteronómium voorgehou word. Dit word spesifiek belowe aan die gehoorsame volk en toon duidelik aan dat die konsep van lewe nie bloot fisies-biologiese bestaan behels nie, maar ook geestelik van aard is. Die goeie lewe is nie bloot voorspoed nie, maar die seën van God (Kaiser 2008:95). Hierdie goeie lewe word ook spesifiek gekoppel aan die goeie land wat die Here aan sy volk gee. In Deuteronómium 6:3 word die land beskryf as die land van melk en heuning en vers 18 belowe pertinent dat dit met die volk goed sal gaan in die *goeie* land:

> *“En jy moet doen wat reg en goed is in die oë van die Here, dat dit met jou goed kan gaan en jy kan inkom en in besit neem die goeie land wat die Here aan jou vaders met ŉ eed beloof het”* (Deut. 6:3).

Deuteronómium 11:8-15 gee ook ŉ uitgebreide beskrywing as ŉ goeie voorbeeld van die klem wat in Deuteronómium geplaas word op die kwaliteit van lewe wat bekom kan word deur die goeie land in besit te neem:

> *“Onderhou dan al die gebooie wat ek jou vandag beveel, dat julle sterk kan wees en inkom en die land in besit neem waarheen julle oortrek om dit in besit te neem, en dat julle die dae kan verleng in die land wat die Here aan julle vaders met ŉ eed beloof het om aan hulle en hul nageslag te gee, ŉ land wat oorloop van melk en heuning. Want die land waarheen jy gaan om dit in besit te neem, is nie soos Egipteland waar julle uitgetrek het, wat jy met jou saad besaai en met jou voet, soos ŉ groentetuin, natgelei het nie. Maar die land waarheen julle oortrek om dit in besit te neem, is ŉ land van berge en laagtes wat van die reën van die hemel water drink; ŉ land waar die Here jou God voor sorg; die oë van die Here jou God is altyddeur daarop, van die begin van die jaar tot die einde van die jaar. As julle dan goed luister na my gebooie wat Ek julle vandag beveel, om die Here julle God lief te hê en Hom te dien met julle hele hart en met julle hele siel, dan sal Ek die reën van julle land gee op die regte tyd, vroeë reëns en laat reëns, sodat jy jou koring en jou mos en jou olie kan insamel. En Ek sal plante gee op jou veld vir jou vee, en jy sal eet en versadig word”* (Deut. 11:8-15).

Markl (2014:74) verwys na die land as die ruimte waarin Israel die seën van die Here beleef:

> “Now, at the end of Moses’ parenetical speeches, the space of Israel’s ‘living’ is seen as the land (in perfect continuity with the logic of 4:1): ‘and you shall live and multiply, and Yhwh your God will bless you *in the land* (אֶרֶץ) that you are entering to possess’ (30:16, cf. ‘your life and the length of your days to dwell *upon the soil* [אֲדָמָה]’, 30:20)” (klem syne).

Deuteronómium 30 waarna hy verwys is ʼn hoogtepunt van die derde rede van Moses:

> *“Wat ek jou vandag beveel, is om die Here jou God lief te hê, in sy weë te wandel en sy gebooie en sy insettinge en sy verordeninge te hou, sodat jy kan lewe en vermenigvuldig en die Here jou God jou mag seën in die land waarheen jy gaan om dit in besit te neem ... Ek neem vandag die hemel en die aarde as getuies teen julle; die lewe en die dood, die seën en die vloek het ek jou voorgehou. Kies dan die lewe, dat jy kan lewe, jy en jou nageslag, deur die Here jou God lief te hê, na sy stem te luister en Hom aan te hang; want dit is jou lewe en die lengte van jou dae, sodat jy kan woon in die land wat die Here aan jou vaders Abraham, Isak en Jakob met ʼn eed beloof het om dit aan hulle te gee”* (Deut. 30:16, 19-20).

Die verbintenis van die land ruimte waarin God gedien moet word en kwaliteit van lewe is een wat sover terugstrek as die skepping. In Génesis 2 word beskryf hoe God ʼn ruimte skep vir die mens wat Hy geskep het om Hom in te dien. In daardie ruimte word die eerste mens geseën (Gen. 1:28) en voorsien van alles wat nodig is om God mee te dien in oorvloed (Gen.1:29). Dit is dus geen toeval nie dat Openbaring 2:7 aan die oorwinnende gelowiges die belofte dat hulle sal kan eet van die boom van die lewe binne-in die Paradys van God. Die beloofde land staan tussen die paradys van die skepping en die hemelse paradys as terugwyser en heenwyser. Deuteronómium 4:6 en 28:10 stel duidelik dat Israel se lewe en diens aan God in hierdie leefruimte aan die volke rondom hulle moet vertoon Wie die ware God is. Hierdie sentiment sou later ook deur Jesaja 49:6 se profesie van die Kneg van God bevestig word.

Die besit van die land dien dus as ʼn motiverende faktor in die geestelike lewe van Israel. Lenchak (1993:240) maak die argument hiervoor:

> “The threat of the land’s loss is a powerful one, while restoration of the land is a motivation for conversion and observance of the covenant regulations. Within Dt 28, 69 - 30, 20 the cause-effect relationships (arguments based on the structure of reality) involving the land are among the most frequent and powerful of rational arguments: infidelity brings punishment (especially loss of the land and punishment of the land), while fidelity and conversion bring blessings (restoration of the land and prosperity in the land)”.

Die land is dus verteenwoordigend van die geseënde volk. In die woorde van Block (2012:710):

> “Here “the life” and “the good” (lit. trans.; note the article in Heb.) represent functional equivalents to “the blessing” (11:26; 28:1-14), while “the death and the destruction” (again, note the article) represent the curse (11:26; 28:15-68)” (invoegings syne).

Deuteronómium teken die lewe in die land as ŉ goeie lewe, ŉ geseënde lewe vir ŉ gehoorsame volk. Stewart (2013:47) verklaar op grond van Deuteronómium 3:18-20 die volgende: “Moses told the Israelites that God had given them the land so that they might ‘*take possession of it*’ and enjoy it” (klem syne). Dit sluit aan by Thomas (2012:180) se stelling dat God Israel in die land inbring, nie net om te leef nie maar te floreer. Hierdie toestand lei weer tot ŉ reaksie van lof:

*“…en jy sal eet en versadig word en die Here jou God loof oor die goeie land wat Hy jou gegee het.”* (Deut. 8:10)

ŉ Goeie lewe, voorspoed en guns is nie net goedheid, voorspoed en guns nie; dit is seën. Een van die hoofbronne waaruit hierdie seën voortvloei is die Beloofde Land wat die volk ontvang van die God van hul vaders. Dit moet dien as motivering tot gehoorsaamheid, tot aanbidding van daardie God wat dit skenk. Dit wat die land voortbring moet die volk bring tot dankbaarheid en die volk bring tot aanbidding wat spreek van die volle verhaal van ŉ volk wat vrygemaak is uit Egipte en nou leef in oorvloed (Goldingay 2003:367). Die land is onontbeerlik vir die geestelike lewe van Israel.

### 3.4.3. Die land en die verlengde lewe

Die lewe in die Beloofde Land behels een ander aspek van geestelike belang. Die lengte van lewe is ŉ aanduiding van die seën van God. Die belofte word dus ook herhaaldelik aan Israel gemaak dat hulle in gehoorsaamheid hierdie voorspoed en seën van die Here sal ervaar “al die dae van hulle lewe”.

In Deuteronómium 6:1-2 en 31:13 word hierdie frase verbind aan die Beloofde Land:

> *“DIT is dan die gebod, die insettinge en die verordeninge wat die Here julle God beveel het om julle te leer, sodat julle dit kan doen in die land waarheen julle oortrek om dit in besit te neem; dat jy die Here jou God kan vrees om al sy insettinge en sy gebooie wat ek jou beveel, te hou — jy en jou kind en jou kindskind al die dae van jou lewe; en dat jou dae verleng kan word”* (Deut. 6:1-2).
>
> *“En hulle kinders wat dit nie ken nie, moet hoor en leer om die Here julle God te vrees al die dae wat julle lewe in die land waarheen julle deur die Jordaan trek om dit in besit te neem”* (Deut. 31:13).

In sy kommentaar op Deuteronómium 30:11-20 verwys Block (2012:711) daarna dat die konsep van lewe vir Israel die seën van ŉ lang lewe beteken: ““Life” means a long life in which the effects

of sin and premature death are staved off. But it also means dwelling in the land that Yahweh had promised on oath to give to their ancestors”.

ʼn Ander term word ook dikwels bygevoeg. Die beloftes wat aan Israel gemaak word, sou die volk gehoorsaam bly, beteken nie net seën op al die dae van hul lewe in die land nie, maar selfs ʼn verlenging van daardie lewe. Om die “dae te verleng” kom voor in Deuteronómium 5:33, kort na die tien gebooie herhaal is:

> *“In al die weë wat die Here julle God julle beveel het moet julle wandel, sodat julle kan lewe en dit met julle goed kan gaan en julle die dae kan verleng in die land wat julle in besit sal neem”* (Deut. 5:33).

Deuteronómium 32:46-47 hou al die woorde waarmee Moses die volk toegespreek het, en in besonder die woorde van die wet, voor as die inhoud van die volk se lewe in die land. Dit is hierdeur wat hulle die dae sal verleng:

> *“Gee ag op al die woorde waarmee ek julle vandag waarsku, dat julle dit jul kinders beveel om al die woorde van hierdie wet sorgvuldig te hou. Want dit is geen vergeefse woord vir julle nie, maar dit is julle lewe; en deur hierdie woord sal julle die dae verleng in die land waarheen julle deur die Jordaan trek om dit in besit te neem”* (Deut. 32:47).

As die wet die lewe is vir Israel kan daardie lewe nie bloot fisies wees nie. Deur die woorde van die wet dien die volk God en leef hulle in gehoorsaamheid aan Hom. Hierdeur kan hulle die lewe verleng in die land. Die geestelike lewe van Israel word dus spesifiek verbind aan ʼn verlengde lewe in die land. Vir Craigie (1976:158) is die doel van die byvoeging van die frase “dat jou dae verleng mag word” in Deuteronómium 5:16 as uitbreiding van die vyfde gebod dat die volgende geslag geleer moet word wat die verbond met God behels. Die voorafgaande stellings in Deuteronómium 4:26, 40 en wat hierop volg in Deuteronómium 6:4-9 bevestig dit. Deuteronómium 4:26 belowe verdelging en verlies aan die land indien die huidige geslag, hul kinders of hul kindskinders die Here sou terg deur gesnede beelde te maak. Deuteronómium 4:40 belowe egter weer aan die huidige geslag, hul kinders en kindskinders dat hul dae verleng sal word in die land in die geval van gehoorsaamheid.

In Deuteronómium 6:4-9 word die bekende opdrag gegee dat die woorde wat Moses die volk beveel in die hart van die volk moet wees en dit by die kinders ingeskerp moet word. Dat die woorde in die hart moes wees dui ongetwyfeld op meer as die fisiese bestaan van Israel. Dit is deel van die geestelike lewe van die volk.

Om in ʼn verlengde lewe in verbond met God te leef beteken ʼn verlenging van die geestelike lewe. As Deuteronómium 30:16 dan seën belowe, word ongetwyfeld daarmee ʼn geestelike karakter ook gekoppel aan die verlengde lewe van ʼn gehoorsame Israel.

In Deuteronómium word gehoorsaamheid nie net beloon met ʼn lewe van seën en van ʼn verlengde lewe van seën nie, maar spesifiek met ʼn verlengde lewe van seën in die land wat God aan hulle gee. Telkens in Deuteronómium word "die land" gevoeg by beloftes van ʼn verlengde lewe (vgl. Deut. 4:26, 40; 5:16, 33; 6:2; 11:9; 32:47; 25:15; 30:15).

Thomas (2012:177-178) skryf in hierdie verband:

> "For Deuteronomy, 'life' does not simply mean Israel's 'existence', but rather Israel's proper existence *before God in his divinely appointed place.* Conversely, 'death' does not simply equate to Israel's non-existence, but rather to Israel's rejection of God and banishment from his divinely appointed place. These features locate Deuteronomy within its Ancient Near Eastern environment. As with its ANE neighbours, communal identity for Israel, as described in Deuteronomy, is rooted in the relationship between God, his land and his people".

Israel se lewe is ʼn fisies-biologiese bestaan, maar dit is meer as dit. Dit is ook ʼn geestelike bestaan voor God in ʼn spesifieke land aan hulle vaders deur God belowe. Die land dien as seën op gehoorsaamheid aan hulle verbond met God, maar dit dien ook as motivering tot toekomstige trou aangesien dit in hierdie goeie land is wat die goeie lewe van die volk in die rykste sin van die woord verleng kan word. Helberg (1990:36) maak ook die punt dat die verhouding van God met sy volk en van mense onder mekaar vir God belangriker is as die verhouding tot die plek en dat die land daarom na die wet kom en ondergeskik staan aan die verhoudinge wat deur die wet gereël word. Die land is daarom die vrug en seën op die verhouding tussen Israel en God en nie die basis waarop dit staan nie.

Goldsworthy (2008:154) voer die argument vir die belang van die Beloofde Land as deel van die geestelike lewe van Israel as hy daarop wys dat die inname van die land as afskaduwing dien van ʼn herstel van die effek van die sondeval:

> "A regenerated nation without a regenerated land would be like Adam and Eve without Eden. The promise of possession of the land is the promise of a land that is renewed in a way that points to the removal of all the ill effects of the fall. Such a land is part of the kingdom that can be received only by faith".

## 3.5. Gevolgtrekking

Dit beteken nie bloot dat hul fisiese bestaan afhanklik was van die land nie, maar ook hul geestelike lewe. Stewart (2013:43-44) verwys na die sterk verbintenis in Deuteronómium tussen die Beloofde Land en die geestelike lewe van die uitverkore volk en sê: “Both land and people have been devoted to the lord and both are to be holy”.

In hierdie hoofstuk is gepoog om aan te toon dat “lewe” en die Beloofde Land in Deuteronómium meelopende temas is, dat die Beloofde Land onlosmaaklik verbind is aan die fisiese bestaan van die volk Israel, maar ook aan die volk se geestelike lewe.

Die verbintenis tussen die “lewe” as teologiese tema en die Beloofde Land is uitgewys deur te verwys na hoe die twee temas dikwels direk en kontekstueel aan mekaar verbind word in die teks van Deuteronómium. Verder is gewys op spesifieke tekste wat die teologie van die twee begrippe aan mekaar verbind.

Aan die hand van verskeie teksverwysings is hierna aangedui dat Israel se fisiese lewe moes bestaan in die Beloofde Land met die oorvloed daarvan. Dit blyk egter dat Deuteronómium se konsep van lewe ook ŉ geestelike element behels wat ook op ŉ besondere manier aan die Beloofde Land verbind is. Om dit aan te toon is gewys op die verbondsgeskiedenis, die kwaliteit van lewe en die verlengde lewe as konsepte wat ŉ verbintenis aandui tussen die geestelike lewe van Israel en die Beloofde Land.

Gevolglik kan onomwonde gestel word: Die Beloofde Land is verbind aan Israel. Dit is nie net ŉ fisiese plek vir ŉ volk om te bestaan nie. Die Beloofde Land is ŉ integrale deel van die beloftes van God se verbond met die nageslag van Abraham. Dít betrek die land by die geestelike bestaan van Israel. Die kwaliteit van lewe as ŉ gevolg van ŉ gehoorsame Israel is moontlik deur die melk en heuning van die Beloofde Land. Die Beloofde Land word dus ŉ simbool van die volk se gehoorsaamheid en tegelyk ŉ motivering daartoe in die toekoms. Solank die volk hierdie motivering sou behou sou hul goeie lewe in die goeie land ook verleng word.

In die volgende hoofstuk word ondersoek ingestel na hoe ŉ toekomsverwagting bydra tot die verstaan van die konsep van lewe in Deuteronómium.

# HOOFSTUK 4: DIE BEGRIP “LEWE” IN DEUTERONÓMIUM MET BETREKKING TOT ’n TOEKOMSVERWAGTING

## 4.1. Inleiding

Hoofstuk 1 van hierdie studie beskryf die verspreiding van die konsep van lewe in die boek Deuteronómium. Hierdie verspreiding toon duidelik hoe lewe as fisiese en geestelike bestaan telkens verbind word met die Beloofde Land en met ’n toekomsverwagting. Tabel 1.2 (uit Hoofstuk 1) wat hieronder herhaal word as Tabel 4.1 bied ’n uiteensetting van hierdie gebruik van die konsep van lewe. In hierdie hoofstuk word die saak gestel vir die vierde kolom: dat die konsep van lewe in Deuteronómium betrekking het op ’n toekomsverwagting van Israel.

| Die betekenis van “lewe”: | | “lewe” met betrekking tot die Beloofde Land | “lewe” met betrekking tot ’n toekomsverwagting |
|---|---|---|---|
| as fisiese bestaan (teenoor dood en as seën op gehoorsaamheid) | as geestelike bestaan (in kwaliteit en lengte van lewe) | | |
| Deut. 4:1, 4, 7, 10, 33, 42; 5:3, 24; 6:24; 8:1; 12:1; 16:3, 20; 17:19; 19:4-5; 20:16, 28, 66; 31:13, 27; 33:6 | Deut. 5:33; 6:2, 24; 8:3; 17:19; 30:6, 15-16, 19-20; 32:39, 47 | Deut. 4:1; 5:33; 6:1-2, 23-24; 8:1; 12:1; 16:20; 30:5-6, 16, 20; 31:13; 32:47 | Deut. 4:9, 10; 5:33; 6:2, 24; 8:1; 17:19; 30:6, 16 |

*Tabel 4.1: Die voorkoms van die verskillende vorme van die stam חיה in die boek Deuteronómium (Markl 2014:72) (Herhaal uit Hoofstuk 1).*

Aangesien die konsep van lewe so dikwels in die teks aan ’n toekomsverwagting verbind word, kan ’n studie van die betekenis van die begrip “lewe” in Deuteronómium nie losgemaak word hiervan nie.

In hierdie hoofstuk word die saak gestel vir die vierde kolom: dat die konsep van lewe in Deuteronómium betrekking het op ’n toekomsverwagting. Die verwysings wat hier van belang is, kan verder as volg uiteengesit word in Tabel 4.2:

| Fisiese lewe in verband met ’n toekomsverwagting | Geestelike lewe in verband met die ’n toekomsverwagting... | | |
|---|---|---|---|
| | ...deur verwysing na die verbond | ...deur verwysing na ’n spesifieke toekomsverwagting van die volk Israel | ...deur verwysing na ’n toekomsverwagting van ander wat deel kry aan die verbond |
| Deuteronómium 4:25-26, 40; 30:16-20 | Deuteronómium 4:9-10; 5:33; 6:2, 5-9, 20-24; 17:19; 30:1-6, 16 | Deuteronómium 6:1-3; 8:1; 17:19; 29:14-15; 30:16-20 | Deuteronómium 6:2, 20-25; 8:1, 7-10; 17:19; 30:6, 16 |

Tabel 4.2: Verspreiding van die konsep van lewe met betrekking tot ’n toekomsverwagting in Deuteronómium.

## 4.2. Die verbintenis tussen ’n toekomsverwagting en “lewe” in die teks van Deuteronómium

Die idee van ’n toekomsverwagting is nie uniek aan Deuteronómium of aan die Bybel nie. Weinfeld (1972:309) merk op:

> “In connection with the idea of the ‘good life’ we also encounter the reward of *longevity* ... a prevalent motif in both Biblical and extra-Biblical wisdom literature” (klem syne).

Die Aramese en die Assiriese verdrae van Essarhaddon begin ook met verwysings na die verbintenis van toekomstige geslagte aan die ooreenkoms (Weinfeld, 1991:238). As Deuteronómium dan dieselfde vorm van die verdrae van die tyd aanneem, is die strenge toepassing daarvan per implikasie ook deel van die klem wat Deuteronómium plaas op die verbintenis hieraan vir toekomstige geslagte.

In Deuteronómium word ’n baie doelbewuste klem geplaas op ’n toekomsverwagting van die volk Israel in die land wat die Here aan hulle sou gee. Dit word op verskeie maniere gedoen. In Deuteronómium word sekere frases wat die aandag van die leser op die toekoms vestig oor en oor herhaal. Frases soos “al die dae” (Deut. 4:9), verwysings na die verlenging van dae (Deut. 4:40), en na volgende generasies (gewoonlik word gepraat van kinders en kindskinders [Deut. 4:45]) of die toekomstige vermenigvuldiging van Israel (Deut. 6:3) is volop. In Tabel 4.3 hieronder word ’n uiteensetting gebied van die voorkoms van verwysings na die toekoms in Deuteronómium.

| “al die dae” | Verlenging van dae | Toekomstige vermenigvuldiging | Volgende geslagte |
|---|---|---|---|
| 4:9 | 4:26 | 6:3 | 1:36 |
| 4:10 | 4:40 | 7:13 | 1:39 |
| 4:30 | 5:16 | 8:1 | 4:9 |
| 5:33 | 5:33 | 11:21 | 4:10 |
| 6:2 | 6:2 | 13:17 | 4:25 |
| 12:1 | 11:9 | 28:63 | 4:40 |
| 16:3 | 17:20 | 30:5 | 5:9 |
| 17:19 | 22:7 | 30:16 | 5:29 |
| 31:13 | 25:15 | | 6:7 |
| | 30:18 | | 11:19 |
| | 32:47 | | 11:21 |
| | | | 12:25 |
| | | | 12:28 |
| | | | 29:22 |
| | | | 29:29 |
| | | | 30:2 |

| | | | |
|---|---|---|---|
| | | | 31:13 |
| | | | 31:19 |
| | | | 32:46 |

*Tabel 4.3: Verwysings na die toekoms in Deuteronómium.*

Toekomsverwysings is dus prominent in Deuteronómium. Dit is egter nog belangriker om raak te sien dat die gedagte aan 'n toekomsverwagting, indien nie noodwendig 'n tema op eie meriete nie, tog gereeld verbind word met die begrip "lewe" in Deuteronómium. In hierdie opsig gee dit besondere diepte aan die konsep van lewe in Deuteronómium. Hierdie verbintenis is sigbaar in die hoeveelheid tekste wat wys op 'n toekomsverwagting wat direk of kontekstueel aan die konsep van lewe verbind word. In sommige gevalle, soos Deuteronómium 6:2, word drie van die bogenoemde verwysings in een vers in verband met lewe gebruik:

> *"... dat jy die Here jou God kan vrees om al sy insettinge en sy gebooie wat ek jou beveel, te hou — jy en jou kind en jou kindskind al die dae van jou lewe; en dat jou dae verleng kan word"* (Deut. 6:2).

Die verband tussen lewe en die toekomsverwagting kan duidelik gesien word in Tabel 4.4 hieronder wat die tekste uitwys waarin die twee konsepte verbind word.

| Tekste wat spreek van lewe (חיה) in Deuteronómium (uitgesluit die verwysing in 7:22 waar dit na ongediertes verwys) | Verband met die toekomsverwagting (direk of kontekstueel) |
|---|---|
| 4:1 | 4:4, 9, 10 – Kontekstueel |
| 4:4 | 4:4-5 – Direk |
| 4:9 | 4:9-10 – Direk |
| 4:10 | 4:9-10 – Direk |
| 4:33 | 4:40 – Kontekstueel |
| 4:42 | |

| | |
|---|---|
| 5:3 | |
| 5:24 | 5:29, 33 – Kontekstueel |
| 5:26 (2x) | 5:29, 33 – Kontekstueel |
| 5:33 | 5:33 – Direk |
| 6:2 | 6:2-3 – Direk |
| 6:24 | 6:2-3 – Kontekstueel |
| 8:1 | |
| 8:3 (2x) | |
| 12:1 | 12:1 – Direk |
| 16:3 | 16:3 – Direk |
| 16:20 | |
| 17:19 | 17:19 – Direk |
| 19:4 | |
| 19:5 | |
| 20:16 | |
| 28:66 (2x) | |
| 30:6 | 30:18, 20 – Kontekstueel |
| 30:15 | 30:18, 20 – Kontekstueel |
| 30:16 | 30:18, 20 – Kontekstueel |
| 30:19 (3x) | 30:18, 20 – Kontekstueel |
| 30:20 | 30:20 – Direk |

| | |
|---|---|
| 31:13 | 31:13 – Direk |
| 31:27 | |
| 32:39 | 32:46-47 – Kontekstueel |
| 32:40 | 32:46-47 – Kontekstueel |
| 32:47 | 32:47 – Direk |
| 33:6 | |

*Tabel 4.4: Die koppeling van “lewe” en ’n toekomsverwagting in Deuteronómium.*

Uit bogenoemde tabel kan gesien word dat van die 38 voorkomste van die konsep van lewe, ten minste 22 (of ongeveer 58% van voorkomste) verbind word aan ’n toekomsverwagting. Dat die gedagte van ’n toekomsverwagting so dikwels voorkom in verband met die konsep van lewe en die Beloofde Land, kan nie as toeval afgemaak word nie. Hierdie drie konsepte skets saam ’n prentjie van ’n spesifieke volk wat ’n spesifieke lewe lei op ’n spesifieke plek met ’n spesifieke toekomsverwagting. Vervolgens word na verskeie van bovermelde tekste verwys om hierdie verbintenis aan te toon.

### 4.3. Die verbintenis tussen die toekomsverwagting en die fisiese “lewe” van Israel in Deuteronómium

Die toekomsverwagting van Israel is onlosmaaklik verbind aan, en uiteraard afhanklik van, die fisiese lewe van Israel. In Hoofstuk 2 is reeds verwys, onder Punt 2.3.2, dat חיה in Deuteronómium dikwels verwys na blote bestaan, hetsy fisies-biologiese bestaan of lewe as seën op gehoorsaamheid aan God. In Hoofstuk 3 is gewys op hoe hierdie fisiese bestaan telkens direk verbind word aan die Beloofde Land. Lewe as fisiese bestaan is egter nie net verbind tot die Beloofde Land nie, maar ook tot ’n toekomsverwagting, tot die verwagting van ’n voortgesette bestaan in die Beloofde Land.

Enige toekomsverwagting wat Israel kon koester was uiteraard afhanklik van die bestaan van Israel. Die verbintenis van die toekomsverwagting van Israel met die konsep van lewe in Deuteronómium is dus voor die hand liggend. Die beëindiging van die fisies-biologiese bestaan van die volk waarmee hulle in Deuteronómium 4:25-26 (ook in Deut. 27 en veral 28) gewaarsku word sou dus ook ’n einde maak aan enige toekomsverwagting wat die volk kon koester:

> *“As jy kinders en kindskinders sal verwek en julle in die land verouderd sal wees en verderflik handel deurdat julle ’n gesnede beeld maak, ’n gelykenis van enigiets, en doen wat verkeerd is in die oë van die Here jou God om Hom te terg, dan neem ek vandag die hemel en die aarde as getuies teen julle dat julle sekerlik gou uit die land sal vergaan waarheen julle oor die Jordaan trek om dit in besit te neem; julle sal die dae daarin nie verleng nie, maar sekerlik verdelg word”* (Deut. 4:25-26).

Sou die volk egter die insettinge en gebooie hou wat die Here beveel, belowe Deuteronómium 4:40 ’n goeie lewe en ’n verlenging van dae, ’n positiewe toekomsverwagting:

> *“En jy moet sy insettinge en sy gebooie hou wat ek jou vandag beveel, dat dit met jou en jou kinders ná jou goed mag gaan, en dat jy die dae mag verleng in die land wat die Here jou God jou vir altyd sal gee”* (Deut. 4:40).

Deuteronómium 30:17-18 stel ’n soortgelyke waarskuwing net voor die volk voor die keuse tussen lewe en dood gestel word:

> *“Maar as jou hart hom afwend en jy nie luister nie en jy jou laat verlei, sodat jy jou voor ander gode neerbuig en hulle dien, dan verkondig ek julle vandag dat julle sekerlik sal omkom; julle sal die dae nie verleng in die land waarheen jy oor die Jordaan trek om dit in besit te gaan neem nie”* (Deut. 30:17-18).

Sou die regte keuse gemaak word bied Deuteronómium 30:19-20 in hierdie geval die verwagting van die toekoms:

> *“Ek neem vandag die hemel en die aarde as getuies teen julle; die lewe en die dood, die seën en die vloek het ek jou voorgehou. Kies dan die lewe, dat jy kan lewe, jy en jou nageslag, deur die Here jou God lief te hê, na sy stem te luister en Hom aan te hang; want dit is jou lewe en die lengte van jou dae, sodat jy kan woon in die land wat die Here aan jou vaders Abraham, Isak en Jakob met ’n eed beloof het om dit aan hulle te gee”* (Deut. 30:20).

’n Verdere aspek van die fisiese bestaan van Israel is die lewe van die volk as seën op gehoorsaamheid wat ook reeds in Hoofstuk 2 onder Punt 2.3.2.2 bespreek is. Hierdie aspek is ook duidelik uit bogenoemde tekste en die groter konteks van Deuteronómium 30.

Schreiber (1998:351) verwys na Deuteronómium 30:19:

> “When Moses encouraged them to "choose the life” so that the children might live, he was not trying to dissuade the parents from killing their children, born or yet to be born. Rather, he did

not want them to suffer the consequences of disobedience and *perish ...* under the curse of God (v. 18)".

Die gedagte is dat solank die volk gehoorsaam bly, hulle 'n toekoms verseker word, nie net vir hul eie generasie nie, maar ook vir veelvuldige toekomstige generasies, solank hulle ook gehoorsaam bly (Deut. 4:10, 40; 5:29; 12:25, 28; 29:29; 31:13; 32:46).

Coetsee (2019:117) dui aan dat Deuteronómium sewe keer nie bloot spreek van lewe nie, maar spesifiek van die lengte van lewe (Deut. 4:9, 10; 6:2; 12:1; 16:3; 17:19; 31:13). Vyf van hierdie gevalle gebruik die frase "al die dae" (Deut. 4:9, 10; 6:2; 12:1; 31:13). Hy merk tereg op dat die lewenslange gehoorsaamheid wat in hierdie tekste vereis word, nie beperk is tot die huidige generasie wat daardeur aangespreek word nie.

Daar kan geen toekomsverwagting vir die lewe van Israel wees, as daar nie 'n fisiese voortbestaan moontlik is nie. Die fisies-biologiese voortbestaan van Israel bied dus die mees basiese raamwerk vir 'n toekomsverwagting. Die toekomsverwagting behels egter nie net 'n fisiese voortbestaan nie. Ondersoek word daarom onder Punt 4.4. ook gedoen na die verbintenis tussen die geestelike lewe van Israel en 'n toekomsverwagting.

## 4.4. Die verbintenis van die toekomsverwagting en die geestelike "lewe" in Deuteronómium.

In Deuteronómium is daar ook 'n duidelike verbintenis tussen die toekomsverwagting en die geestelike lewe van Israel[10].

Stewart (2013:532-534) sien duidelik hierdie faset van toekomsverwagting van Israel in Deuteronómium 30:1-10. Hy wys daarop dat die eerste sin van Deuteronómium 30:1 reeds die blik op die toekoms werp deur te verwys na "as al hierdie dinge oor jou kom". Hierdie toekomsverwagting gaan egter nie net vir Stewart oor die fisiese lewe van Israel nie, maar hy wys daarop dat in hierdie tien verse drie keer verwys word na die "hele hart" en die "hele siel" en verwys na die terugkeer uit die voorspelde ballingskap as 'n terugkeer uit 'n tydperk van "spiritual apathy" (Stewart *idem*.). As die toekomstige ballingskap vir die volk "spiritual apathy" tot gevolg het en te doen het met die "hele hart" en die "hele siel" beteken dit dat die toekomsverwagting nie bloot 'n verwagting is van wat die fisiese lewe sal behels nie, maar dat dit ook 'n verwagting is van 'n bepaalde geestelike lewe.

---

[10] Sien Punt 2.3.1 in Hoofstuk 2 vir 'n verduideliking van wat met die woord geestelik bedoel word.

Hierdie geestelike verbintenis kan veral gesien word in die konteks van die verbondsgeskiedenis van Israel, en behels nie net ’n geestelike lewe van Israel in die nabye toekoms nie, maar vir solank Israel gehoorsaam bly in toekomstige geslagte en hou selfs implikasies in vir die verdere verloop van die heilsgeskiedenis. Daar is selfs ’n sterk argument te maak vir ’n toekomsverwagting van eskatologiese aard.

### 4.4.1. ’n Toekomsverwagting en geestelike lewe as deel van die verbondsgeskiedenis van Israel

Kaiser (2008:91) se bespreking van Deuteronómium se klem op die vernuwing van die verbond en van die verbintenis van die Abrahamities-Dawidiese verbondstradisie aan die Sinaïties-Mosaïese verbond deur Deuteronómium en Josua is reeds bespreek (sien Punt 3.4.1 in Hoofstuk 3). Tinker (2003:14) verwys in hierdie verband na Deuteronómium 30:1-3:

> “In other words, the ‘life’ of Israel was to be redeemed at *some future point*. This was a life that was to be understood much more fully than physical. It was the life of shalom, peace and wholeness, of restored relationships – *of covenant*” (klem my eie).

Hierdie verbondsperspektief in Deuteronómium dra nie net by tot die konsep van lewe met betrekking tot ’n toekomsverwagting van Israel nie, maar staan sentraal daarin. Die verbondsgesentreerde aard van hierdie toekomsverwagting verleen ook daaraan ’n geestelike karakter. Die toekomsverwagting van Israel is gewortel in die verbond en die verbond van Israel met Jahwe ís die geestelike lewe van die volk (Deut. 30:20).

Thomas (2012:180) wys op die verbondsbelofte van vermenigvuldiging van die nageslag van Abraham (Gén. 15:5; 22:17; 26:4) en hoe Deuteronómium 1:9-10 en 10:22 bevestig dat die Here die belofte nagekom het. Inherent aan die belofte van vermenigvuldiging is die implikasie van verbondsvoortsetting in volgende geslagte.

Die eise en beloftes van die verbond moes dus aan elke volgende geslag oorgedra word. In Deuteronómium word hierdie oordrag aan die volgende geslag op verskillende wyses beklemtoon.

Die eerste wyse waarop oordrag beklemtoon word is deur direkte bevel. Daar word dikwels uitdruklik bevel gegee om die kinders van die insettinge en verordeninge van God te leer (Deut. 6:5-9; vgl. 4:9, 10; 30:2):

> *“Daarom moet jy die Here jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel en met al jou krag. En hierdie woorde wat ek jou vandag beveel, moet in jou hart wees; en jy moet dit jou kinders inskerp en daaroor spreek as jy in jou huis sit en as jy op pad is en as jy gaan lê en as*

> *jy opstaan. Ook moet jy dit as ’n teken bind op jou hand, en dit moet as ’n voorhoofsband tussen jou oë wees. En jy moet dit op die deurposte van jou huis en op jou poorte skrywe”* (Deut. 6:5-9).

Die tweede wyse waarop oordrag beklemtoon word is deur die vrae van die kinders. Deuteronómium 6:20 raak die saak op hierdie manier aan:

> *“As jou seun jou later vra en sê: Wat beteken die getuienisse en die insettinge en die verordeninge wat die Here onse God julle beveel het?”* (Deut. 6:20).

Block (2005:5) verduidelik die belang van hierdie vers:

> “The specific question Moses anticipated here concerns the covenant stipulations (עֵדוֹת), ordinances (חֻקִּים), and regulations (מִשְׁפָּטִים) that the Lord had commanded Israel to observe. These three expressions represent the will of God as it had been revealed primarily at Horeb and to a lesser degree en route to the Promised Land. They point to all the moral, ceremonial, and civil regulations God prescribed as the appropriate response to His salvation and the privilege of covenant relationship. As illustrated so impressively in Leviticus 19, this revelation did not divide life into the sacred and the ordinary. When children of Israelite parents would observe how their parents conducted their private and family lives, how they carried on their social and economic relations, how they worshiped, how they conducted themselves within the family, then they would inquire about the meaning of it all”.

Die vrae van die kinders moet ’n verduideliking inlei van die verbondsgeskiedenis van Israel. Enige verduideliking van die verbondsgeskiedenis is ’n oordrag van die betekenis van Israel se verbondslewe en ’n oordrag van die aard van hul geestelike lewe tot die volgende geslag.

’n Derde wyse waarop Deuteronómium klem plaas op die oordrag van die verbond is deur doelbewus die huidige generasie wat op die drumpel van die Beloofde Land staan te verbind aan die vorige generasie wat uit Egipte gelei is.

In Deuteronómium word die volk wat die land sal binnegaan aangespreek asof hulle teenwoordig was tydens die uittog en die swerftog deur die woestyn en asof hulle self beleef het wat God gedoen het in daardie tye (Deut. 1:30; 29:1; 11:7; 29:1). In Deuteronómium 29:15 word die huidige geslag selfs aangespreek asof hulle geleef het in Egipte (Weinfeld 1991:238).

Verder wys Weinfeld (1991:238) op die gebruik van die adversatiewe לֹא...כִּי (nie...maar) in Deuteronómium 5:3; 11:2, 7; en weer in 29:13-14 wat die geslagte verbind aan mekaar. Hy kom

tot die gevolgtrekking: “Israel throughout its generations is thus presented in Deuteronomy as one body, a corporate personality”.

Die toekomsverwagting wat deur die verbondsverbintenis aan lewe gekoppel word staan dus sentraal in die geestelike lewe van Israel.

### 4.4.2. ’n Toekomsverwagting van lewe spesifiek vir die volk Israel

Die blik van Deuteronómium is nie bloot op die verloop van die verbond vanaf Abraham tot die huidige generasie wat aangespreek word in Deuteronómium nie. Bloot die verloop van die geskiedenis en waar Israel hulle bevind skep reeds ’n toekomsverwagting vir die volk.

> “Deuteronomy presents this Israelite community at the borders of Canaan and foresees their life beyond” (Thomas 2012:180).

Israel, op die drumpel van die Beloofde Land kyk vorentoe met die verwagting dat die verbond voortgesit sal word deurdat die belofte van vermenigvuldiging ook in die toekoms sal geld. Hierdie verwagting is duidelik te sien in Deuteronómium 6:3:

> *“Hoor dan, Israel, en onderhou dit sorgvuldig, dat dit met jou goed kan gaan en dat julle baie kan vermenigvuldig soos die Here die God van jou vaders jou beloof het, ’n land wat oorloop van melk en heuning”* (Deut. 6:3).

Hierdie sentiment van ’n toekomsverwagting, bewerk deur die belofte van vermenigvuldiging, word bevestig in Deuteronómium 7:13; 8:1; 11:21; 13:17; 30:5 en 30:16. Trouens, Deuteronómium 30:5 dra selfs die verwagting van vermenigvuldiging van “meer as jou vaders”. Lenchak (1993:239) maak die punt dat die verbond van God vir die hele Israel geld. Dit beteken dat selfs toekomstige geslagte daarby ingesluit is:

> “All Israel is involved in a covenant relationship with Yahweh (28, 69). In the Third Discourse of Moses there is no reference to the common brotherhood of individual Israelites. Rather it addresses a widely inclusive lay audience which has gathered in an assembly to enter into or renew the covenant with its God (29, 9-14). This audience includes women children, and alien residents (29, 10); even future generations (29, 14) are somehow within this group” (Lenchak *idem*.).

Die inklusiwiteit van hierdie verbondsvernuwing staan uit en sal ook onder Punt 4.4.3. verder bespreek word. Wat hier van belang is, is egter Deuteronómium 29:14-15 wat in bogenoemde aanhaling na verwys word:

> *“En nie met julle alleen maak ek hierdie verbond en hierdie eedswering nie, maar met die wat vandag hier saam met ons voor die aangesig van die Here onse God staan, én met die wat hier vandag nie saam met ons is nie”* (Deut. 29:14-15).

Die verwysing na “die wat hier vandag nie saam met ons is nie” blyk binne die konteks te verwys na toekomstige generasies wat reeds in die verbond ingesluit word (Wright, 1996:287; Thompson, 1974:307).

Markl (2014:78) vergelyk Deuteronómium 4:4 met 5:3 en wys uit hoe die kontras gestel word tussen die vorige en huidige generasies. Dit is deur getrouheid aan God dat die nuwe generasie lewe en dit is in getrouheid aan God wat elke volgende generasie kan lewe:

> “Being alive is a consequence of trust in and faithfulness to Yhwh, which also indicates how Israelites will be able to stay alive. ‘All the days that they/you are alive upon the earth’ (Deut. 4:10; 12:1; 31:13) goes beyond the generation that is alive ‘today’ and about to enter the Land. It includes all future generations who enjoy their possession of the Promised Land; at the same time, the formulation implies that the time in question may be limited” (Markl, 2014:78).

Die tyd van lewe in die land was inderdaad beperk vir ’n groot deel van die volk. Die ballingskap het inderdaad gevolg op ontrou en ongehoorsaamheid soos voorspel word in Deuteronómium 30.

Schreiber (1998:350) beskryf die aankondiging van Deuteronómium 30:

> “In the first section of chapter 30, Moses looks into the future of Israel’s life under the covenant. He refers to a time when Israel would break the covenant and be sent into exile according to the curses of the covenant (v. 1). He then describes a time when Israel would repent, return to the land, and live forever under the blessings of the covenant (vv 2-7). In the remaining section of the chapter Moses exhorts the people now, "today," to accept the covenant, to be obedient, and to receive the tremendous blessings offered by God (vv 8-10)”.

Schreiber se verwysing na vers 8-10 as ’n vermaning of aansporing is foutief. Die indikatief dui op die verklaring van ’n feit. Soos die eerste vers van hoofstuk 30 aankondig dat die volk ongehoorsaam sal wees en in ballingskap sal beland, word direk daarna aangekondig dat die volk weer gehoorsaam sal wees, aan die hart besny sal word en seën sal ontvang uit die hand van die Here. Dat hierdie ’n verklaring is en nie ’n oproep nie stel die keuse waarvoor die volk gestel word in Deuteronómium 30:19-20 in besondere konteks:

*“Ek neem vandag die hemel en die aarde as getuies teen julle; die lewe en die dood, die seën en die vloek het ek jou voorgehou. Kies dan die lewe, dat jy kan lewe, jy en jou nageslag, deur die Here jou God lief te hê, na sy stem te luister en Hom aan te hang; want dit is jou lewe en die lengte van jou dae, sodat jy kan woon in die land wat die Here aan jou vaders Abraham, Isak en Jakob met ’n eed beloof het om dit aan hulle te gee”* (Deut. 30:19-20).

Dat Deuteronómium 30: 1-10 ’n verklaring is beteken dat die volk se keuse vir God deur God beskik is. Dit bevestig weer dat die rokende oond en die vurige fakkel van Génesis 15:17 die volk se toekomsverwagting gered het.

Wright (1996:294) wys op die verskuiwing van besprekings van die verlede (aan die begin van Deuteronómium in hoofstuk 1-3), na die verwagting van die toekoms (aan die einde van die boek in hoofstuk 30-34), om ’n verklaring soos dié van Deuteronómium 30 in die hede te kan maak. Hierdie klemverskuiwing van verlede na hede is nie uniek nie. Dit pas in by die verdragformaat van Deuteronómium en is ook ’n eienskap van ander verdrae van die Antieke Nabye Ooste (Thompson, 1974:82). Dit is wel betekenisvol. Dit vestig die aandag op die verloop van die geskiedenis. Daarom kan Deuteronómium nie uit hierdie verloop van die geskiedenis van Israel geïsoleer word nie en kan dit nie anders as om raak te sien dat daar ’n besliste toekomsverwagting in Deuteronómium teenwoordig is nie.

Dat Deuteronómium spreek van ’n spesifieke toekomsverwagting wat die volk Israel gekoester het, beteken nie dat dit nie ook spreek van ’n toekomsverwagting vir ander wat deel uitmaak van God se verbond nie.

### 4.4.3. Die toekomsverwagting van lewe vir ander wat deel uitmaak van die verbond.

Deuteronómium is nie bloot besorg is oor die geskiedenis van Israel nie. Die boek skep ook ’n wyer heilshistoriese verwagting.

Thomas (2012:180, 182) sien die uittog, die inname van die land, die latere ballingskap en die herstel daaruit alles as heilshistories verbind. Hy verwys ook na die besnydenis van die hart, nie net van die huidige geslag nie, maar ook van die nageslag (Deut. 30:6; Markl, 2014:82).

Lombaard (2009:2) argumenteer dat die wet van Moses bloot die middel is tot ’n goeie lewe in die hede en geen implikasies bevat vir die toekoms nie:

> “Mosaic law should now guarantee life ‘forever’... This ‘forever’, though, has wholly immanent implications, allowing no eschatological or other-/aboveworldly expectations. In the here and now, as all that life is and can be, *par excellence ...* life is found in words of law”.

Die gebruik van woorde soos כָּל־הַיָּמִים (al die dae) in Deuteronómium 4:40 skep egter ’n ander indruk, naamlik dat Deuteronómium ’n afskaduwing inhou van ’n toekomsverwagting wat verder as die etniese Israel strek. Hierdie idee word versterk deur Deuteronómium 29:10 se insluiting van die vreemdelinge en 29:15 se insluiting van “die wat vandag nie saam met ons is nie”. As vreemdelinge ingesluit word in die hernuwing van die verbond en daardie verbond toekomstige generasies insluit, sou dit moes volg dat dit moontlik is vir die nageslagte van vreemdelinge om ook deel te kon kry aan Israel se verbondsverhouding met God en die beloftes daarvan, onderhewig daaraan dat die insettinge, verordeninge, gebooie en getuienisse van God ook deur hulle onderhou moes word.

Hierdie verwysings in Deuteronómium, asook die boek se herhaalde verwysings na die toekoms toon juis dat die *par excellence* lewe van die hede ’n afskaduwing is van ’n heilshistoriese en uiteindelik eskatologiese verwagting.

Goldsworthy (2008:154) voer op grond van Deuteronómium 8:7-10 die argument vir so ’n heilshistoriese perspektief waarin die inname van die land as afskaduwing dien van ’n herstel van die effek van die sondeval en ’n belofte van ’n nuwe Eden. Hierdie sentiment kom ook voor by Thomas (2012:180) wat verwys na Númeri 24:5-9 as ’n uitspraak wat beide terug en vorentoe kyk:

> “To pursue this narratival trajectory in the Pentateuch, God gives Israel the land as a kind of Eden for them to inhabit. Eden/Canaan does not provide mundane life, but vibrant productivity for Israel. On the journey to God’s land, Balaam’s oracle hints at this point (Num. 24:5-9). His proclamation is at once retrospective and prospective – it remembers God’s former garden and proposes that Eden might be rediscovered through God’s people as they move into the land. Deuteronomy suggests this point as well, with a particular emphasis upon *the land* as Eden *redivivus,* particularly in 8:7-10”.

Hierdie gedagte van ’n blik op die verlede en ’n blik op die toekoms pas in by Deuteronómium se verskuiwing, soos reeds genoem, van verlede na toekoms met ’n verklaring in die hede. Dit brei die gedagte egter selfs verder uit na ’n heilshistoriese verwagting wat strek van Eden tot Eden *redivivus*.

Block (2005:22) sien in die lewe van Israel in die Beloofde Land ’n afskaduwing van heilshistories eskatologiese gebeure. As die uittog uit Egipte die afskaduwing was van verlossing uit slawerny deur die kruis van Jesus Christus, is die inname van die Beloofde Land, vernuwing van die verbond en die goeie lewe van oorvloed wat in Deuteronómium beskryf word ’n afskaduwing van die ewige lewe in Christus:

> “Perhaps the relevance of Deuteronomy 6:20-25 for Christians may be captured by recasting it as follows. “When our children ask us in days to come, what is the meaning of the ordinances and customs that we Christians observe, then we will say, We were slaves to sin, but the Lord rescued us from the kingdom of darkness with a strong hand, through the work of Christ on the cross and by raising Him from the dead. Moreover, He showed great and distressing signs and wonders before the prince of the powers of this world and his followers. He has brought us out from there in fulfillment of His promises and in accord with His glorious plan of salvation, in order to bring us into an inheritance eternal and imperishable. So the Lord commanded us to observe His commandments as an expression of our fear and love for Christ for our good always and for our survival as His people. And it will be righteousness for us if we are careful to show that we love God with all our hearts by doing all that He commanded us. Then we will hear Him say, “Well done, good and faithful servant. Enter into the joy of your Lord””” (Block, 2005:22).

Block sien dus die uiteinde van die blik op die toekoms tereg as die vervulling van die belofte van die rokende oond en die vurige fakkel in Christus. In Christus word die verklaring van Deuteronómium 30 finaal vervul en in Christus kan oorwinnaars eet van die boom van die lewe wat staan binne-in die paradys van God.

Wright (1996:294) beaam hierdie perspektief as hy Deuteronómium 31:1-32:47 behandel onder die opskrif: “A song for the future”. Hy kontrasteer hoofstuk 1-3 se fokus op die verlede met hoofstuk 31-34 se klemverskuiwing na die toekoms. Hy sien in die lied van Moses egter nie net die onmiddellike toekoms van Israel raak nie, maar ’n langtermyn verwagting. Dit gaan egter nie net oor ’n langtermyn verwagting vir Israel nie. Die handelinge van God met Israel spreek tot die nasies. In die woorde van Wright (1996:294):

> “This encapsulates a realistic and historically vindicated view of Israel’s unfaithfulness as well as a profound theology of God’s purposes through Israel in relation to the nations; this seals the missiological significance of the book and deeply influences Paul’s missionary theology and vision”.

Thomas (2012:187-188) voeg by:

> “Finally, when Deuteronomy is read within the larger story of the Pentateuch, the gift of *tôrâ* to Israel is divine grace with the redemption of the world in mind. Israel’s actualization of the ‘good life’ will draw the nations to wonder about this nation, this law and this God. In light of God's

gracious provision of the *tora,* then, Israel’s appropriate response is to choose the life that God sets forth within it”.

Die verwagting wat in Deuteronómium van die toekoms geskep word is nie net van toepassing op Israel nie. Dit is ook ’n heilshistoriese verwagting, ’n eskatologiese verwagting.

### 4.5. Gevolgtrekking

Deuteronómium is gerig aan die volk Israel op die drumpel van die Beloofde Land. Bloot die tyd en omstandigheid waarin die redes van Moses tot die volk gelewer word veronderstel alreeds ’n toekomsverwagting. Die verbond wat God met Abraham sluit, die uittog uit Egipte en die swerftog deur die woestyn het alles afgestuur op die inname van die Beloofde Land. Dit is waar Israel hul toekoms behoort deur te bring.

Deuteronómium vul dan in wat die toekoms van lewe in die land sou behels, wat dit behoort te behels. Die toekomstige lewe in die land moes ’n verbondsvernuwing insluit, dit moes gehoorsaamheid insluit en dit moes onderrigting van al die insettinge, verordeninge, gebooie en getuienisse van God aan die volgende generasie insluit. Hierdeur word die fisiese en geestelike lewe van Israel verleng in die land wat die Here hulle God hul sou gee.

Om Deuteronómium egter tot Israel te beperk sou die plek daarvan in die kanon ignoreer. God se handelinge met Israel werp heilshistoriese skadu’s. God se handelinge met Israel spreek tot alle nasies, volke en tale. ’n Toekomsverwagting van die lewe Deuteronómium skep die verwagting van ’n verbondenheid aan God wat ’n goeie lewe, ’n ewige lewe moontlik maak ook aan ander wat in toekomstige generasies mag deel kry aan die verbond van God.

# HOOFSTUK 5: SAMEVATTING EN GEVOLGTREKKING

## 5.1. Inleiding

In hierdie hoofstuk word die gegewens wat in hierdie studie bestudeer is, saamgevat, en gevolgtrekkings op grond hiervan aangebied. Dit word gedoen deur ŉ formulering aan te bied van wat die betekenis van die konsep van lewe as tema in Deuteronómium behels, en wat die betrekking daarvan op die Beloofde Land en op ŉ toekomsverwagting is.

In Hoofstuk 1 is die agtergrond van die studie gestel. Die voorkoms van die stam חיה en die konsep van lewe is vergelyk met ander bekende temas van Ou Testament Teologie en die voorkoms daarvan in Deuteronómium is vergelyk met die voorkoms daarvan in die ander boeke van die Ou Testament. Verder is in die probleemstelling verwys na bestaande navorsing oor die konsep van lewe in Deuteronómium en gewys op die gebrek aan studies wat die konsep van lewe as tema ondersoek.

Onder Punt 1.2 in Hoofstuk 1 is die sentrale vraag van hierdie studie as volg gestel: Wat beteken die begrip "lewe" as teologiese tema in Deuteronómium? Verder is gevra na twee teologiese kontekste waarin Deuteronómium dikwels die begrip gebruik, naamlik "lewe in die Beloofde Land" en "lewe as toekomsverwagting". Op grond hiervan is die volgende vrae gestel:

- Wat behels die betekenis van "lewe" (stamwoord חיה) as teologiese tema in Deuteronómium?
- Wat behels die begrip "lewe" in Deuteronómium met betrekking tot die land?
- Wat behels die begrip "lewe" in Deuteronómium met betrekking tot ŉ toekomsverwagting?

Hierdie vrae is in Hoofstukke 2 tot 4 aangespreek, en die vrug van daardie ondersoek word nou in hierdie hoofstuk saamgevat.

## 5.2. "Lewe" as teologiese tema in Deuteronómium

Die eerste doel van Hoofstuk 2 is om te toon dat die konsep van lewe ŉ teologiese tema in Deuteronómium is. Dít vereis dat eerstens vasgestel moet word wat bedoel word as daar van ŉ teologiese tema gepraat word. Verder moet dan aangetoon word dat lewe as tema vergelykbaar is met ander bekende teologiese temas en dat lewe as tema voldoen aan dieselfde kriteria as ander bekende teologiese temas.

Die doel is bereik deur Waltke (2007:50) se omskrywing van wat ŉ teologiese tema behels te vergelyk met Schultz (1997:194-198) se behandeling van temas. Hierdeur is vasgestel wat

teenwoordig moet wees om van ’n konsep as teologiese tema te kan praat. Belangrike eienskappe is hieruit afgelei waaraan teologiese temas behoort te voldoen om akademies verantwoordbaar te wees. Dit behels dat ’n teologiese tema:

- Verband hou met spesifieke woorde
- dat daardie woorde uitdrukkings is van konsepte of idees
- dat daardie konsepte deel vorm van die waardestelsel van ’n narratief
- dat daardie konsepte as temas dikwels voorkom in herhalende pare van temas of woorde
- dat daardie konsepte verweef is deur ’n Bybelboek, -boeke en die Kanon
- dat dit die boustene vorm van die teologie van ’n boek

Daar is aangetoon dat hierdie eienskappe wel teenwoordig is by prominente, bestaande en erkende temas. Op grond hiervan kan aanvaar word dat hierdie eienskappe kan dien as riglyn om vas te stel of dit geldig sou wees om van die konsep van lewe in Deuteronómium te praat as teologiese tema. Deur die konsep van lewe in Deuteronómium aan hierdie eienskappe te toets is vasgestel dat lewe inderdaad as teologiese tema beskou kan word.

### 5.3. Die betekenis van “lewe” (stamwoord חיה) as tema in Deuteronómium

Die tweede doel van Hoofstuk 2 is om vas te stel wat bedoel word met die woord חיה in Deuteronómium. Die konsep van lewe kom in Deuteronómium in verskillende kontekste en semantiese velde voor en neem dus in die verskillende gebruike daarvan verskillende betekenisse aan. In dié hoofstuk wil dus vasgestel word wat die verskillende betekenisse van lewe in Deuteronómium is.

Dit is gedoen deur te wys op die verskillende vorme waarin die woord חיה in Deuteronómium voorkom. Daar is vasgestel dat die gebruik van die konsep van lewe in Deuteronómium hoofsaaklik gebruik word as uitdrukking van fisiese lewe of as uitdrukking van geestelike lewe. Fisiese lewe behels dan fisies-biologiese voortbestaan of lewe as seën op gehoorsaamheid. Geestelike lewe behels dan geestelike lewe as deel van Israel se verbondsgeskiedenis, die eksplisiete verwysings na lewe as geestelike konsep en die verwysings in Deuteronómium wat aandui dat die verlengde lewe en die kwaliteit van lewe ook dui op lewe as geestelike konsep.

Uit die verstaan van “lewe” in Deuteronómium as ’n geestelike konsep vloei veral twee ander teologies gelaaide konsepte voort. Dit is die koppeling tussen die konsep “lewe” in Deuteronómium en die konsepte van die Beloofde Land en ’n toekomsverwagting.

### 5.4. Die begrip "lewe" in Deuteronómium met betrekking tot die Beloofde Land

Die doel van Hoofstuk 3 is om aan te toon dat "lewe" en die Beloofde Land in Deuteronómium meelopende temas is, dat die Beloofde Land onlosmaaklik verbind is aan die fisiese bestaan van die volk Israel maar ook aan die volk se geestelike lewe en dus aan hul verhouding met God as die gewer van die land.

Die verbintenis tussen die "lewe" as teologiese tema en die Beloofde Land is uitgewys deur te verwys na hoe die twee temas dikwels direk en kontekstueel aan mekaar verbind word in die teks van Deuteronómium. Verder is gewys op spesifieke tekste wat die teologie van die twee begrippe aan mekaar verbind.

Aan die hand van verskeie teksverwysings is hierna aangedui dat Israel se fisiese lewe afhanklik is van die Beloofde Land en die oorvloed daarvan. Dit blyk egter dat Deuteronómium se konsep van lewe ook 'n geestelike element behels wat ook op 'n besondere manier aan die Beloofde Land verbind is. Om dit aan te toon is gewys op die verbondsgeskiedenis, die kwaliteit van lewe en die verlengde lewe as konsepte wat 'n verbintenis aandui tussen die geestelike lewe van Israel en die Beloofde Land. Daar is bevind dat die middelpunt van die verhouding tussen die lewe van Israel en die Beloofde Land setel by God as die gewer daarvan.

Gevolglik kan onomwonde gestel word: Die Beloofde Land is verbind aan Israel deur hul verhouding met God. Die land en die lewe kom van God en deur die land skenk God lewe en 'n die ruimte om diens aan God as die doel van daardie lewe uit te leef. Dit is nie net 'n fisiese plek vir 'n volk om te bestaan nie. Die Beloofde Land is 'n integrale deel van die beloftes van God se verbond met die nageslag van Abraham. Dít betrek die land by die geestelike bestaan van Israel. Die kwaliteit van lewe as 'n gevolg van 'n gehoorsame Israel is moontlik deur die melk en heuning van die Beloofde Land. Die Beloofde Land word dus 'n simbool van die volk se gehoorsaamheid en tegelyk 'n motivering daartoe in die toekoms. Solank die volk hierdie motivering sou behou sou hul goeie lewe in die goeie land ook verleng word.

### 5.5. Die begrip "lewe" in Deuteronómium met betrekking tot 'n toekomsverwagting

Die doel van Hoofstuk 4 is om aan te toon dat "lewe" in Deuteronómium as fisiese bestaan en geestelike lewe onlosmaaklik verbind is aan 'n toekomsverwagting. Verder is ten doel gestel om aan te toon hoe hierdie verbintenis spesifiek betrekking het op Israel, maar ook implikasies inhou vir ander wat in die verbond van God ingesluit sou kon word. Daar is bevind dat die lewe van Israel instrumenteel moes wees in die vertoning van die lewende God aan die nasies.

Die verbintenis tussen die “lewe” as teologiese tema en die gedagte van ŉ toekomsverwagting is uitgewys deur te verwys na hoe die twee begrippe dikwels direk en kontekstueel aan mekaar verbind word in die teks van Deuteronómium. Verder is gewys op spesifieke tekste wat die teologie van ŉ toekomsverwagting verbind aan lewe as fisiese bestaan. Met verwysing na die verbondsgeskiedenis van Israel en spesifieke tekste in Deuteronómium is aangetoon dat die idee van ŉ toekomsverwagting ook verbind is aan die geestelike verstaan van die konsep van lewe. Daar is aangetoon dat die geestelike lewe van Israel en enige toekomsverwagting wat daarin duidelik word spruit uit die inisiatief van die God wat die harte van sy volk besny en lewe verseker (Deut. 30:6).

Verder is met verwysing na ŉ aantal tekste gewys op hoe ŉ toekomsverwagting spesifiek betrekking het op die volk Israel, maar ook hoe dit betrekking het op diegene wat vanuit buite die volk Israel kon deel kry aan die verbond van God.

### 5.6. Onderwerpe vir verdere studie

Die navorsing vir hierdie studie bring verdere vrae na vore waarop addisionele navorsing gedoen kan word:

- Tot watter mate is die konsep van lewe as teologiese tema teenwoordig in ander boeke van die Ou Testament?
- Is die konsep van lewe ook ŉ teologiese tema in boeke van die Nuwe Testament?
- Is die konsep van lewe ŉ deurlopende teologiese tema in die Bybel?
- Is daar ŉ verband tussen die beskrywing van die kwaliteit van lewe in Deuteronómium en die verwysing in Johannes 10:10 na “lewe en oorvloed”?

# OPSOMMING

Die sentrale vraag van hierdie studie is die volgende: Wat beteken die begrip "lewe" as teologiese tema in Deuteronómium? In die navorsing na die betekenis van die begrip "lewe" is in hierdie studie spesifiek ondersoek ingestel na twee teologiese kontekste waarin Deuteronómium dikwels die begrip gebruik, naamlik "lewe in die Beloofde Land" en "lewe as toekomsverwagting". Op grond hiervan is gevra wat die betekenis van "lewe" (stamwoord חיה) behels as teologiese tema in Deuteronómium, wat die begrip "lewe" in Deuteronómium met betrekking tot die land behels en wat die begrip "lewe" in Deuteronómium met betrekking tot ʼn toekomsverwagting behels.

Kriteria is vasgestel waaraan getoets kan word of dit akademies verantwoordbaar is om van ʼn gegewe konsep as teologiese tema te praat. Die konsep van lewe in Deuteronómium is hieraan getoets. Deur middel hiervan en deur vergelykende literatuurnavorsing, ingelig deur die onderliggende eksegetiese arbeid van die teks van Deuteronómium, is gewys dat die begrip "lewe" in Deuteronómium ʼn belangrike teologiese tema in Deuteronómium is. Die studie toon verder aan dat die begrip "lewe" ʼn gelaaide teologiese betekenis het wat, in die manier wat dit in die boek gebruik word deurdat dit verwys na fisiese en geestelike lewe, ʼn belangrike deel van die onderbou van die Teologie van Deuteronómium uitmaak. Verder is die teologiese belang aangetoon wat die begrip "lewe" in Deuteronómium met betrekking tot die Beloofde Land het, asook die verband met die toekomsverwagting wat JHWH vir sy volk, Israel, in die vooruitsig stel.

**Sleutelterme**

Lewe, Deuteronómium, teologiese tema, Beloofde Land, toekomsverwagting.

# ABSTRACT

The central question of this study is the following: What is the meaning of the concept of life as a theological theme in Deuteronomy? In researching the understanding of “life”, this study specifically investigated two theological contexts in which the concept is often used in Deuteronomy, namely “life in the Promised Land” and “life as a future expectation”. Based on this the question was asked what the meaning of life (root חיה) involves as a theological theme in Deuteronomy, which involves the meaning of “life” in Deuteronomy regarding the Promised Land and the meaning of life in Deuteronomy as it relates to a future expectation.

Criteria were determined by which it could be established whether it would be academically accountable to speak of a given concept as a theological theme. The concept of life in Deuteronomy was tested against these criteria. By these means and through comparative literature research, informed by the underlying exegetic labour of the text of Deuteronomy, it was shown that the concept of life is an important theological theme in Deuteronomy. The study further shows that the concept of life is a significant theologically loaded concept which, in the way it is used in the book by referring to physical and spiritual life, constitutes an important part of the theological framework of Deuteronomy. In addition to this, the theological importance of the concept of life in the book of Deuteronomy, with regards to the Promised Land, has been indicated, as well as the close relation it has with the future expectation YHWH intended Israel, as his covenant people, to hold.

**Key terms**

Life, Deuteronomy, theological theme, Promised Land, future expectation

# BIBLIOGRAFIE


Anidjar, G. 2011. The meaning of life. *Critical Inquiry*, 37. pp. 697-723.

Ames, FR. 1997. דבר (In Van Gemeren (Red), New International Dictionary of Old Testament Theology & Exegesis. Vol 1. 912-915. Grand rapids, Michigan: Zondervan.

Block, DI. 1998. The Book of Ezekiel Chapters 25-48 (NICOT). Grand Rapids, Michigan: Eerdmans.

Block, D.I. 2005. The grace of Torah: The Mosaic prescription for life (Deut. 4:1-8; 6:20-25). *Bibliotheca Sacra*, 162. pp. 3-22

Block, DI. 2012. Deuteronomy (NIVAP). Grand Rapids, Michigan: Zondervan.

Brensinger, T.L. 1997. חיה (In Van Gemeren (Red), New International Dictionary of Old Testament Theology & Exegesis. Vol 2. pp. 108-113. Grand rapids, Michigan: Zondervan.)

Bright, J. 1953. The kingdom of God. Nashville: Abington.

Brueggemann, W. 1997. Theology of the Old Testament: testimony, dispute, advocacy. Minneapolis: Fortress.

Childs, B. S. 2011. Introduction to the Old Testament as Scripture. Philadelphia: Fortress.

Christensen, D.L. 2001. Deuteronomy 1:1-21:9 (WBC). Nashville: Thomas Nelson.

Coetsee, A. J. 2019. YHWH and Israel in terms of the Concept of Life in Deuteronomy. *Old Testament Essays*, *32*(1), 101-126. https://dx.doi.org/10.17159/2312-3621/2019/v32n1a7

Collins, J. J. 2004. Introduction to the Hebrew Bible. Minneapolis: Fortress.

Conradie, E.M. 2013. The God of life: A counter-intuative confession. Oxford, Blackwell.

Craigie, P.C. 1976. The Book of Deuteronomy (NICOT). Grand Rapids, Michigan, Eerdmans.

De Klerk, B & Van Rensburg, F. 2005. Preekgeboorte: 'n Handleiding vir gereformeerde eksegese en prediking. Potchefstroom: Potchefstroomse Teologiese Publikasies.

Die Bybel. 1957. Kaapstad: Die Bybelgenootskap van Suid-Afrika.

Dillard, R. B. & Longman III, T. 2006. An introduction to the Old Testament. Grand Rapids: Zondervan.

Dumbrell, W.J. 1985. The end of the beginning: Revelation 21-22 and the Old Testament. Homebush West, NSW: Lancer; Grand Rapids: Baker.

France, RT. 2005. Kingdom of God. (In Vanhoozer, KJ. (red.) Dictionary for Theological interpretation of the Bible. Grand Rapids, Michigan: Baker.)

Fretheim, T.E. 2002. Law in the service of life: A dynamic understanding of law in Deuteronomy. (In Strawn, N.A. and Bowen, N.A. (red.), Miller, Patrick D. God so near: Essays in Old Testament Theology in honor of Patrick D. Miller: Eisenbrauns.)

Gamble, R.C. 2009. The whole council of God: Vol 1: God's mighty acts in the Old Testament. Phillipsburg, New Jersey: P&R.

Goldingay, J. 2003. Old Testament Theology: Israel's gospel. Downers Grove, Illinois: IVP

Goldsworthy, G. 2008. According to plan: The unfolding revelation of God in the Bible. 4e druk. Nottingham: IVP.

Goldsworthy, G. 2006. Gospel-centered hermeneutics: Biblical-theological foundations and principles. Nottingham: IVP.

Goldsworthy, G. 2006. Gospel and kingdom (In Goldsworthy, G. The Goldsworthy trilogy. Milton Keynes: Paternoster.

Hamilton Jr. J.M. 2010. Gods Glory in salvation through judgement: A Biblical Theology. Wheaton, Illinois: Crossway.

Hasel, G. 1972. Old Testament Theology: Basic issues in the current debate. Grand Rapids, Michigan: Eerdmans

Helberg, JL. 1990. Die verbondsvolk se verhouding tot sy land. Potchefstroom, PU vir CHO

Hill, A.E & Walton, J.H. 2009. A survey of the Old Testament. Grand Rapids, Michigan: Zondervan

Holladay, WL (Ed.) 1988. A Concise Hebrew and Aramaic lexicon of the Old Testament. Grand Rapids, Michigan, Eerdmans

House, P.R. 1998. Old Testament Theology. Downers Grove, Illinois: IVP

Kaiser, W.C. Jr. 1981. Toward an exegetical theology. Grand Rapids, Michigan: Baker

Kaiser, W.C. Jr. 2008. The promise-plan of God: A Biblical Theology of the old and New Testaments. Grand Rapids, Michigan: Zondervan

Kaiser jr., WC & Silva, M. 2007. An introduction to Biblical hermeneutics. Grand Rapids: Zondervan.

Kline, M.G. 1963. Treaty of the great King: The covenant structure of Deuteronomy: Studies and commentary. Grand Rapids, Michigan: Eerdmans

Krüger, PP. 2016. Life in its fullness: Outline of a major Biblical theme. Ongepubliseerde rede vir SBL International, Seoel.

Lenchak, T. A. 1993. “Choose life!”: A Rhetorical-Critical Investigation of Deuteronomy 28, 69 - 30,20. Rome, Italië: Gregorian & Biblical Press.

Lombaard, C., 2009, Two approaches to life in the Second Temple period: Deuteronomy and Qoholet, *HTS Teologiese Studies/Theological Studies* 65(1), Art. #185, 4 pages. DOI: 10.4102/hts.v65i1.185

Longman, T. 2004. Literary approaches to Old Testament study. (In Arnold, BT & Baker, DW (red.), The face of Old Testament studies: A survey of contemporary approaches, 97-115. 2e uitg. Grand Rapids: Baker Academic.)

Markl, D. 2014. This word is your life: The Theology of “life” in Deuteronomy. (In: Gottes Wort im Menschenwort. Festschrift für Georg Fischer SJ zum 60. Geburtstag, p 71-96. Frankfurt/Main: Peter Lang,)

Martin, OR. 2015. Bound for the promised land: The land promise in God’s redemptive plan. (NSBT). Downers grove, Illinois: IVP.

McCarthy, DJ 1973. Old Testament covenant: A survey of currant opinions. Oxford, Basil Blackwell.

McConville, GJ. 1997. ברית (In Van Gemeren (Red), New International Dictionary of Old Testament Theology & Exegesis. Vol 1. 747-755. Grand rapids, Michigan: Zondervan.

McConville, GJ. 2006. God and earthly power: An old Testament political theology. London: T&T Clark

Millar, JG. 1998. Now choose life (NSBT). Downers grove, Illinois: IVP.

Miller, R.D. 2016. The Hebrew Bible’s concept of life. *COMMUNIO VIATORUM*, *57*(3), pp.223-239.

Nel, PJ. 1997. ממלכה (In Van Gemeren (Red), New International Dictionary of Old Testament Theology & Exegesis. Vol 2. 956-965. Grand rapids, Michigan: Zondervan.

Odendal, FF. 1994. HAT: Handwoordeboek van die Afrikaanse taal. Midrand. Perskor.

Poythress, V.S. 1999. God centered Biblical interpretation. Phillipsburg, New Jersey: P&R

Robertson, O.P. 1980. The Christ of the covenants. Phillipsburg, New Jersey: P&R

Sailhamer, J. H. 1995. Introduction to Old Testament theology: a Canonical approach. Grand Rapids: Zondervan.

Schrieber, P.L. 1998. “Choose life and not death”: Life-and-death issues in light of Deuteronomy 30:15-20. *Concordia Journal*, *Okt. 1998*, pp. 346-356.

Schultz, R. 1997. Integrating Old Testament theology and exegesis: Literary, thematic and canonical issues. (In Van Gemeren (Red), New International Dictionary of Old Testament Theology & Exegesis. Vol 1. pp185-205. Grand rapids, Michigan: Zondervan.)

Stewart, A. 2013. Deuteronomy: God’s treasured possession. Faverdale North, England: EP Books

Swanson, J. 1997. Dictionary of Biblical Languages with Semantic Domains: Hebrew (Old Testament). Logos research systems, Inc.

Tigay, J.H. 1996. Deuteronomy (JPS Torah commentary). Philadelphia: JPS

Thomas, H.A. 2012. Life and death in Deuteronomy. (In Firth, D.G & Johnston, P.S. (Red.), Interpreting Deuteronomy: Issues and approaches, Downers grove, Illinois: IVP.

Thompson, J.A. 2008 [1974]. Deuteronomy. (TOTC). Downers grove, Illinois: IVP.

Tinker, M. 2003. Living in a world where life is cheap. The relevance of the book of Deuteronomy and the sixth commandment for the debate on the sanctity of human life. *Themelios, 29.1.* pp. 5-17.

Van Gemeren, WA. 1995. The progress of redemption. Carlisle: Paternoster.

Vogt, P.T. 2003. Religious concepts in the Theology of Deuteronomy: A re-appraisal of Deuteronomic Theology and the significance of Torah. Gloucestershire, University of Gloucestershire, (Thesis-PhD)

Vos, G. 1948. Biblical Theology: Old and New Testaments. Grand Rapids, Michigan: Eerdmans

Waltke, B. K. 2007. An Old Testament Theology: an exegetical, canonical and thematic approach. Grand Rapids, Michigan: Zondervan

Weinfeld, M. 1972. Deuteronomy and the Deuteronomic School. Ely house, London: Oxford University Press.

Weinfeld, M. 1991. Deuteronomy 1-11 (The anchor Yale Bible) New Haven & London: Yale University Press.

Wright, C. 1996. Deuteronomy (NIBC). Peabody, Massachusetts: Hendrickson

Wright, G.E. 1962. God who acts: Biblical theology as recital. London: SCM

Wright, G.E. 1966. Reflections concerning Old Testament theology. (*In* Van Unnik, W.C. & Van der Woude, A.S., [*reds*.] Studia Biblica et Semitica: Theodoro Christiano Vriezen, qui munere professoris theologiae per XXV annos functus est, ab amicis, collegis, discipulis dedicate. Wageningen: Veenman. p. 376-388).

Van Gemeren, W. 1988. The progress of redemption: From creation to the new Jerusalem. Reading: Paternoster.

Vanhoozer, K.J. 1997. Introduction (In Van Gemeren (Red), New International Dictionary of Old Testament Theology & Exegesis. Vol 1. pp. 5-50. Grand rapids, Michigan: Zondervan.)